# Seisoene van oorvloed

**GESKRYF DEUR**: BERTUS HANEKOM

ONDER LEIDING, EN IN OPDRAG VAN

JAHWEH, ONS ALMAGTIGE

VADER……

## VOORWOORD

Net soos in die natuur, wissel die seisoene in ons geestelike lewe ook. Soms is jy begeester en jy ervaar Elohey se teenwoordigheid. Ander kere voel Elohey ver en dan soek jy na antwoorde.

Maar in sowel die natuur as die mens se lewe het Elohey die jaargetye op `n besondere manier ontwerp. Al is elkeen anders, werk hulle almal saam om lewe en groei te bring.

**<u>In die natuur assosieer ons</u>**:

Lente met nuwe lewe

Somer met groei

Herfs met oestyd

Winter met rus.

**<u>In die mens se lewe assosieer ons:</u>**

Lente met vrolikheid

Somer met arbeidsaamheid

Herfs met nadenke

Winter met swaarkry.

Kom stap saam en ervaar Elohey se seën vir elke seisoen in jou lewe. Mag jy met die lees van elke boodskap elke seisoen voluit beleef en terselfdertyd ook nader aan Elohey, die Samesteller van die seisoene, kom.

# INLEIDING

Jy is ongetwyfeld op soek na rus, na Jahweh se soort rus. Daarom het jy nou hierdie boek in jou hand. Aan die een kant is jy elke dag deel van hierdie gejaagde wêreld. Maar aan die ander kant weet en glo jy dat daar iets meer vervullend in die lewe moet wees as net dit. En jy`s reg!

Daar is regtig meer vreugde in die lewe te vind as wat die meeste mense rondom jou – en dalk jyself – tans geniet. `n Lewe van rustigheid en innerlike vrede is selfs vandag nog in hierdie woeste nuwe Suid-Afrika van ons moontlik. Maar dis ongelukkig nie vir baie mense beskore nie. Slegs daardie klein groepie wat regtig moeite doen om op Elohey se pad te stap – ek bedoel regtig daarop te stap en nie net dreig dat hulle dit nog iewers vorentoe gaan doen nie – staan `n kans op `n stukkie geluk. Net hulle gaan Elohey se soort geluk raakloop!

Om Elohey se vrede te ervaar, daardie vrede wat jou elke dag soos `n tevrede kind aan jou Hemelse Vader se voete laat sit, vra egter dissipline en oefening. So `n lewe kom nie vanself nie. Dit vra toewyding en gehoorsaamheid, maar dit vra ook luister en rus. Ongelukkig het hierdie tipe geestelike dissipline grootliks verlore geraak in ons gejaagde lewe. Daar is eenvoudig nie meer tyd om regtig stil te wees voor Elohey of om jou geestelike lewe in `n vaste roetine te plaas en daarby te hou nie.

Geniet hierdie boek (boodskappe). Gebruik dit as jou bousteen vir jou tyd van geestelike groei.

Dan gaan dit die mees opwindende tyd in jou lewe wees.

BOODSKAP 1 - 28 AUGUSTUS 2013 - WOENSDAG 11H00

## VREUGDE – 'N MAGTIGE KRAG!

**Vreugde is `n krag wat bekommernis en wanhoop van jou verdryf en jou in staat stel om elke vervolging en stryd met oorwinning deur te sien**. Met vreugde in jou lewe kan hierdie laaste uur `n avontuur wees, daarsonder kan jy nie `n **effektiewe getuienis** wees nie.

So baie mense se vreugde verdwyn die oomblik as hulle `n geseënde diens verlaat, of na `n geseënde boodskap. Jesaja 61:3 sê dat Jahshua aan ons `n gewaad van lof sal gee en ons met vreugde-olie sal salf. Met ander woorde, Hy wil aan ons **nuwe geestelike klere** gee, klere wat die **gees van swaarmoedigheid sal verdryf**. Natuurlik is dit nie altyd maklik om, wanneer jy voor die werklikheid staan, in prys los te bars nie, maar jy kan dit doen, maak die keuse.

***Habakuk 3:17 – 18*** sê: *"Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie – nogtans sal ek jubel in Jahweh, ek sal juig in die Elohey van my heil."*

Jakobus leer ons ook dat ons dit **louter vreugde moet ag as ons in allerhande versoekinge kom**.

(**Jakobus 12:3**). Julle vra hoe doen `n mens dit? Met die wete dat Elohey die oorwinning sal gee.

Vreugde **gee aan u die krag** wat u nodig het om elke geveg te wen. Die Skrif leer ons die blydskap in Jahweh – **dit is ons beskutting**. As ons dit glo, dan is dit ons plig om ons vreugdevlak hoog te hou.

Luister wat leer Psalm 51:10-12 ons: *"Skep vir my `n rein hart, o Elohey en gee opnuut in my binneste `n vaste gees. Verwerp my nie van U aangesig nie en neem U Apartgestelde Gees nie van my weg nie**. Gee my weer die vreugde** van U heil en ondersteun my deur U gewillige Gees."*

Ons het nie `n nuwe doping in vreugde nodig nie, maar het net nodig om terug te keer na die vreugde wat ons eens op `n tyd ervaar het. Daardie vreugde is die **vreugde van ons redding**, die vreugde om weer gebore te wees, om in die Bloed van Jahshua gewas te wees.

Dit is vreugde om te weet dat ons name in die Boek van die Lewe geskryf staan!

**Amen.**

BOODSKAP 2 - 6 SEPTEMBER 2013 - VRYDAG 04H50

## 'N GELEENTHEID OM WEER TE BEGIN

Ons word **begenadig** om `n nuwe lewe binne te gaan (`n nuwe tydperk). Afgesien wat in ons voorafgaande lewe gebeur het, ten spyte van voornemens wat in die niet verdwyn het; van terugslae, teleurstellings en mislukkings – met die **aanbreek van `n nuwe lewe in Jahshua**, is daar weer **nuwe hoop** in ons harte. Ons kry `n Godgegewe geleentheid om weer te begin.

Ons moet **verlede agter ons plaas** en streef daarna om beter te leef en die laaste dae wat voorlê! Hoe onbekwaam ons ookal mag voel, moet ons **onwrikbaar weet** dat alle dinge met Jahshua **moontlik** is. In ons eie krag wag daar vir ons bittere mislukkings en teleurstellings. Gekoppel aan Elohey se Almag is alle dinge egter moontlik. Elohey se Gees sal nuwe krag en inspirasie in ons lewens genereer en ons sal enige iets wat opduik kan hanteer.

Ons het nou die geleentheid om te **leef soos wat Elohey dit van ons verlang**. Loop in Sy voetspore en op Sy pad. Ons moet die taak wat Hy aan ons toevertrou het – hoe gering dit ook al mag wees – **na die beste van ons vermoëns** afhandel. Dan sal die Lewende Elohey op ons lewensarbeid neerkyk en sê: "Mooi so!"

**Amen**

BOODSKAP 3 - 7 SEPTEMBER 2013 - SATERDAG 04H50

## **' N TWEEDE KANS**

Iets om oor na te dink: "Hoeveel keer het ons vergifnis gevra en weer dieselfde sonde gepleeg?"

## **"Breek met die gewoonte!"**

`n Dwaalbegrip wat deur baie gelowiges aanvaar word, is dat as `n gelowige eenmaal van die Genade verval en afvallig geword het, hy nie weer na die Hemelse Vader kan terug keer nie.

My Geliefdes, so `n begrip is teenstrydig met die Gees en My Leringe. As jy een van diegene is wat My teleurgestel het en nou dink dat daar vir jou geen hoop is nie, hou op om jou blind te staar teen jou sonde en vra weereens My vergifnis. Dank My omdat Ek bereid is om jou verlede te vergeet en gaan die toekoms in met My krag en Genade.

Miskien word jy belas met die gedagte dat jy al te veel kere vergifnis moes vra. Dit is so maklik om vergifnis te vra en dan maar weer dieselfde sonde te pleeg. Jou opregtheid bepaal egter jou vergifnis. Hou jou oë op My gevestig. Jy moet dit net ervaar en jou opnuut bekeer – dit My liewe kind is jou verantwoordelikheid, neem hierdie tweede kans op in jou hart.

Amen

BOODSKAP 4 - 8 SEPTEMBER 2013 - SONDAG 03H20

## **DIE WOORD IS BELANGRIK!**

Lees Psalm 103: 1-22

Bertus:

Vandag lê hier `n ding in my hart en ek wil dit met julle deel! Ek glo dat ons almal `n diepe

begeerte moet hê om die Lewende Elohey beter te ken! Hy wil Homself mos aan ons openbaar.

Elohey:

My Woord en My Gees maak dit vir julle moontlik om My te ken. Wanneer julle bid en met die Geskrewe Woord omgaan, kan julle nie anders as om die hartklop van die Skrywer te leer ken nie. Dan word Jeremia 29:13-14 in jul lewe waar: " Julle sal vra na My Wil en julle sal dan My Wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. Julle sal My ontmoet…………."

Besef julle hoe belangrik My Woord vir julle is? Hoe hanteer julle hierdie Stuk Kosbaarheid? Bepeins julle dit onder leiding van die Apartgestelde Gees en eien julle die Beloftes daarin vir julle toe? Kom julle die Voorskrifte na? My Woord is die belangrikste studieboek, werkboek, handboek wat julle nog ooit gehad het en wat julle ooit sal hê.

As My Woord toe is gaan jy geen kennis van My julle Elohim kry nie. Laat die Woord oop lê en lees deur die dag en nag daarin en leer van My en oor My.

Hoe lyk jou Woord? Het julle die padtekens wat Ek Jahweh vir jou daarin gegee het, gemerk? Kyk, Ek gee My Woord vir julle sodat julle My kan leer ken en sodat julle antwoorde op julle vrae kan kry. Soek die goud en die juwele in My Woord. Julle moet dit egter woordjie vir woordjie uitdelf en jul eie maak.

Kyk, My liewe kinders, My intieme, persoonlike kennis hou vir julle verbysterende voordele in, maar bring ook geweldige verantwoordelikhede mee. Ja, baie van die mense met wie julle daagliks te doen kry, stel glad nie daarin belang om die Boek self op te neem en te lees nie, en daarom word julle moontlik die enigste Bybel wat hulle ooit te lese sal kry.

My Geliefdes wanneer My Woord in julle kom woon, word Ek, Jahshua opnuut sigbaar in en deur julle. Julle lewe is dus My Woord wat sigbaar gemaak is!.

Amen.

<u>BOODSKAP 7</u>

10 SEPTEMBER 2013

DINSDAG 05H00

# PASOP VIR TE LAAT!

‘’Soek Jahweh terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is’’ Jesaja 55:6

Bertus:

In die tyd van die profeet Jesaja steek Elohey Sy hand van genade uit na Sy volk wat in ballingskap verkeer. Hy belowe hulle dat Hy hulle weer sal verlos en na hulle land toe sal terugbring. Dit rus egter op hulle om op hierdie genade-aanbod te reageer. Ons mag nie dink dat daar nog baie tyd oor is om ons te bekeer nie. Genadetyd kan ongemerk verbygaan.

Elohey:

My (Elohey)se genade is nou, op hierdie oomblik, nog tot julle beskikking, maar dit hang van julle af of julle daarop gaan reageer of nie. Indien julle nog nie geloofsekerheid het nie, moet julle dubbel seker maak dat julle nie dalk julle kanse gaan verspeel tot dit te laat mag wees nie.

As julle hierdie tyd nog steeds nie seker is dat julle gered is nie, moenie langer uitstel nie. Bely julle sonde, vra My om hulle te vergewe en neem My genade – aanbod aan. As julle dit gedoen het, weet julle verseker dat julle vir altyd My kinders is, dat **Ek vir jou die ewige lewe waarborg en dat niemand julle ooit weer uit My hand sal kan ruk nie.**

**Amen**

BOODSKAP 8

11 SEPTEMBER 2013

WOENSDAG 01H30

## ONS SKULD MEKAAR LIEFDE!

Julle skuld mekaar liefde. En aan hierdie liefdeskuld gaan julle die res van julle lewe hier op aarde afbetaal. Die liefde wat julle ander mense skuld, behoort `n weerkaatsing te wees van die onselfsugtige liefde waarmee Ek Elohey julle liefhet. Dit is nie in die eerste plek `n gevoel nie, maar `n daad van selfopoffering, waarin My eer en ander mense se belange gedien word. Sulke liefde is `n vervulling van al die gebooie deurdat dit strewe na die volmaakte gehoorsaamheid aan My.

As julle mekaar liefhet, sal julle mos nie in die versoeking kom om mekaar se naam te beswadder, vir mekaar te jok, van mekaar te steel of afgunstig op mekaar te wees nie. Dan sal julle makaar alles gun wat julle self graag wil hê en mekaar behandel soos julle self graag behandel wil word.

Ja, miskien wil julle nou weet presies hoe Ek wil hê dat julle ander mense moet behandel. ''Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander `n klag het; soos Ek Jahshua julle vergeef het, so moet julle ook doen. Ek beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is'' (Kol 3:13-14)

As julle graag wil **doen wat Ek van julle verwag**, behoort julle sommer vandag al te begin om af te betaal aan julle liefdeskuld teenoor ander, deur bereid te wees om hulle van **nou af eerste te stel en te probeer om hulle met julle lewe die dien.**

**Amen.**

BOODSKAP 9

11 SEPTEMBER 2013

WOENSDAG 03H15

# **'N LEWENDE WOORD.**

In Hebreërs 4:12 lees ons: ''Want die Woord van Elohey is lewendig en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is `n beoordeelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.''

Bertus:

Die boodskap hier is, wat Elohey sê, is nie dooie woorde nie. Nee, wat Hy sê gebeur en daar is geen keer aan nie. Sy woorde is ook nie oppervlakkig nie. Soos `n skerp mes diep kan sny, so sny dit wat Elohey sê, tot diep binne-in jou: ja, tot daar waar jy gedink het jy dinge kan wegsteek. Wat jy dink en hoe jy oor dinge voel, kom alles onder die soeklig van wat Elohey sê. Die Woord lewe, dit spreek tot my, dit het voete en volg my, dit het hande en dit omvou my.

Almal wat al diepgaande Bybelstudie gedoen het, kan hiervan getuig. Elohey se Woord lewe! Dit praat met ons; jy kan presies die regte boodskap vir enige stadium in jou lewe daaruit kry; dit bly vars en nuut; elke dag ontdek jy nuwe waarhede daarin, praat Elohey persoonlik met jou as jy die Woord oopmaak**. En die Woord praat nie net met jou nie, dit verander ook jou lewe**. As die Woord deel van jou word, weet jy presies wat Elohey van Sy kinders verlang.

Elohey:

My liewe kinders, as julle verwag om My in die bladsye van My Woord te ontmoet, sal julle dit so ervaar. Maak dus altyd My Woord met verwagting oop. Hier gaan julle My stem met julle hoor praat, hier gaan julle lewens waarhede ontdek wat vir julle van onskatbare waarde gaan wees. Hier gaan julle presies die regte raad en bemoediging kry wat julle vir `n spesifieke dag en vir `n spesifieke situasie nodig het.

As julle genoeg tyd maak om met My Woord deur te bring, **sal julle krag kry vir alles wat julle moet doen**, julle sal ook die nodige wysheid kry om dit reg te doen, volgens My wil. My Woord sal julle geestelik voed, dit laat julle groei en sterker word in die waarhede van My julle Elohey en dit wys vir julle die regte koers aan.

As julle, julle lewenspad loop met My Woord as julle Lig, sal julle nooit kan afdwaal nie. Wees net getrou en gehoorsaam aan MyWoord.

**Amen.**

BOODSKAP 10

12 SEPTEMBER 2013

DONDERDAG 03H15

# ALLES BEGIN MET ELOHEY.

**Dit gaan nie om jou nie**.

Jou lewensdoel is veel groter as jou persoonlike vervulling, jou innerlike vrede of selfs jou geluk. Dis veel groter as jou gesin of selfs jou wildste drome en ambisies. As jy wil weet waarom jy op die planeet geplaas is, moet jy met My jou Elohey begin. **Jy is deur My doel en vir My doel gebore**.

Ja, die soeke na die doel van die lewe laat mense al duisende jare kopkrap. Dis omdat jy gewoonlik by die verkeerde plek begin – naamlik jouself. Jy vra selfsugtige vrae soos: Wat wil ek word: Wat moet ek met my lewe maak? Wat is my doelwitte, my ambisies, my drome vir my lewe? So `n klem op jouself sal egter nooit jou lewensdoel duidelik maak nie.

Jy sal nie jou lewensdoel verstaan as jy begin deur op jouself te konsentreer nie. **Jy moet met My jou Skepper begin.** Jy bestaan net omdat Ek Elohey wil hê jy moet bestaan. Ja, jy is deur My en vir My geskep – en die lewe sal eers sin maak as jy dit verstaan. Net in My ontdek jy jou oorsprong, jou identiteit, jou betekenis, jou doel, jou sin en jou lotbestel. Elke ander pad is `n doodloopstraat.

Kyk, baie mense prober My vir hule selfverwesenlikheid gebruik, maar dit keer die natuur op sy kop en sal beslis misluk. Jy is vir My gemaak en nie ondersom nie, en die lewe gaan daarom dat jy My toelaat om jou vir My doeleindes te gebruik. Kyk, die Woord sê : ''Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede.

Baie jare lank het mense die betekenis van die lewe bespreek en daaroor gespekuleer. Maar gelukkig is daar `n alternatief vir spekulasie oor die betekenis en doel van die lewe. Dis Openbaring. Jy kan gaan kyk wat Ek in My Woord oor die lewe onthul het.

Kyk, Ek het jou nie in die duister gelaat om te wonder en te raai nie, Ek het My doelwitte vir jou lewe duidelik in My Woord onthul. Dit is jou Eienaarshandleiding wat verduidelik waarom jy leef, hoe die lewe werk, wat om te vermy, en wat om in die toekoms te verwag.

Ek jou Elohey is nie net die wegspringplek van jou lewe nie; **Ek is die bron van jou lewe**. Om jou lewensdoel te ontdek, moet jy die wysheid in My Woord raadpleeg, nie die wêreld se wysheid nie. **Ja, jy moet jou lewe op ewige waarhede bou.** Kyk, My Woord sê:'' Deur Jahshua Messias het julle deel geword van My volk soos Ek dit vooruit al bestem het.''

Jy het miskien dalk vandag `n duister gevoel oor jou lewensdoel. Geluk, jy gaan binnekort tot in die Lig stap.

**Amen.**

BOODSKAP 11

13 SEPTEMBER 2013

VRYDAG 02H30

# JY IS GEEN ONGELUK NIE.

Lees Jesaja 44:1-5

Bertus:

Nadat ek bogenoemde verse gelees het, het ek tot die besef gekom, **ons Elohey dobbel nie**.

Elohey:

**Jy is geen ongeluk nie**.

Jou geboorte was geen fout of vergissing nie, en jou lewe is nie blote stom geluk nie. Jou ouers het jou miskien nie beplan nie, maar Ek Elohey het. Ja, Ek is glad nie deur jou geboorte verras nie. Ek het dit trouens verwag. Jy leef omdat Ek jou wou skep!

Ja, Ek het elke besonderheid van jou liggaam bepaal. Ek het jou ras, jou verkleur, jou hare en elke ander kenmerk doelbewus gekies. Ek het jou liggaam pasgemaak soos Ek dit wou hê. Ek het bepaal watter natuurlike talente jy gaan hê, asook die uniekheid van jou persoonlikheid. Die Woord sê: ''U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in U Boek ongeskrywe.''

Ek Elohey doen niks per ongeluk nie, en Ek maak nooit foute nie. Ek het `n rede vir alles wat Ek skep. Elke plant en dier is deur My beplan, en elke mens is met `n doel voor oë ontwerp. Liefde was My motief toe Ek jou geskep het. Ek het hierdie planet se omgewing juis ontwerp sodat jy daarin kan leef. Jy is die focus van My liefde, en die kosbaarste van al My skeppings.

Kyk, Ek is nie willekeurig nie; Ek het alles baie presies beplan!

Jy vra waarom het Ek dit alles gedoen? Waarom het Ek al die moeite gedoen om `n Heelal vir jou te skep? Die antwoord is, Ek is die Elohey van liefde, en My liefde is betroubaar. Jy is as `n spesiale doelwit vir My liefde geskep! Ek het jou gemaak sodat Ek jou kon liefhê. Dit is `n waarheid waarop jy jou lewe kan bou.

Elohey sê: ''Luister na My……julle vir wie Ek gedra het van julle geboorte af, wat Ek vasgehou het vandat julle daar is. Ook tot in julle ouderdom is Ek jou Jahweh, tot in jul grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red.

Bertus:

As daar geen Elohey was nie, sou ons almal ''ongelukke'' wees, die gevolg van `n astronomiese willekeurige toeval in die heelal. Dan sou ons maar die Woord eenkant kon sit, want daar sou geen doel of betekenis of belang in ons lewe wees nie. Daar sou geen reg of verkeerd en geen hoop buiten ons kort jare hier op aarde wees nie. Maar dank die Vader, daar is `n **Elohey wat ons vir `n rede gemaak het en ons lewe het `n diep betekenis.** Ons ontdek die betekenis en doel eers wanneer Elohey die verwysingspunt in ons lewens word.

**Amen.**

BOODSKAP 12

13 SEPTEMBER 2013

04H10

# WAT IS DIE DRYFKRAG IN JOU LEWE?

Elkeen se lewe word deur iets aangedryf.

Bertus:

Of jy nou `n motor bestuur of `n gholfbal op sy pad stuur, is jy op daardie oomblik besig om dit te rig, te beheer en in `n bepaalde rigting te laat beweeg. Wat is die dryfkrag in jou lewe?

Hier en nou word jy dalk deur'n probleem of druk gedryf. Jy word dalk gedryf deur `n pynlike herinnering, `n vrees wat by jou spook, of `n onbewuste opvatting. Daar is honderde omstandighede, waardes en emosies wat jou lewe kan aandryf.

Elohey:

**Baie mense word deur `n skuldgevoel gedryf**. Hulle bestee hul hele lewe daaraan om van spyt oor iets weg te hardloop en hulle skaam weg te steek. Skuld-gedrewe mense word deur herinnerings gemanipuleer. **Hulle laat toe dat hul verlede hul toekoms beheer**.

Jy is produkte van jou verlede, maar hoef nie gevangenis daarvan te wees nie. My, jou Elohey, se doel word nie deur jou verlede beperk nie. Kyk, het Ek dan nie `n moordenaar in `n leier omskep nie, en `n lafaard in `n dapper held, en net so kan Ek met die res van jou lewe ook merkwaardige dinge doen. Ja, **Ek spesialiseer daarin om mense `n tweede kans te gee**. Kyk My Woord sê: ''Dit gaan goed met die mens wie se oortredinges nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word. Dit gaan goed met die mens vir wie Jahweh die oortredings nie toereken nie.''

Baie mense klou aan hulle wonde vas en kom dit nooit te bowe nie. Pleks daarvan om hul pyn deur vergifnis te verlig, laat hulle dit weer en weer in hul gedagtes oorspeel. **My liewe kind, jou verlede is verby!** Niks gaan dit verander nie, jy maak jouself net deur jou bitterheid seer. Kyk die Woord sê: ''Verbitterheid maak `n dwaas dood.''

Ander word deur vrees gedryf. Hul vrese is miskien die gevolg van `n traumatise ervaring, onrealistiese verwagtings, die verkeerde grootword in `n huis of selfs `n genetiese geneigdheid. Vrees is `n tronk wat jy self bou en wat gaan sorg dat jy nie word wat Ek jou Elohey wil hê jy moet wees nie. Jy moet die wapens van geloof en liefde daarteen gebruik. Waar liefde is, is daar geen vrees nie, **volmaakte liefde verdryf vrees.**

Ander kragte kan jou lewe ook aandryf, maar almal beland in dieselfde doodloopstraat. Niks is belangeriker as om My doel vir jou lewe te ken nie, en niks kan daarvoor vergoed as jy nie weet wat dit is nie.

As jy wil hê jou lewe moet dryfkrag hê, moet jy dit op My jou Hemelse Vader fokus. Jy is nie op aarde geplaas om onthou te word nie. **Jy is hier geplaas om vir die Ewigheid voor te berei**.

**Amen**

BOODSKAP 13

15 SEPTEMBER 2013

SONDAG 02H15

# OM ELOHIM SE STEM TE HOOR.

Bertus:

Die meeste van julle het al êrens langs die pad probeer om vir iemand anders iets belangriks te sê, net om daar weg te stap met die wete dat hy of sy jou regtig nie gehoor het nie. Hulle het miskien wel jou woorde gehoor, maar nie die boodskap in jou hart nie. En omdat hulle jou nie regtig gehoor het nie, het hulle jou woorde en boodskap aan die hand van hul eie vooroordele of emosies beoordeel en daarvolgens gereageer.

Elohey

Wanneer julle na My Woord gaan om te hoor wat Ek vir julle wil sê; ook deur My boodskappers en skryfknegte moet julle baie akkuraat luister en hoor en hoe korrek julle My Woord interpreter, gaan bepaal word deur julle vermoë om op `n ander golflengte te wees (geestelike golflengte) as julle na My luister. Julle kan dit so stel; julle stry nog almal teen die natuurlike mens in julle binneste. Ja, julle menslik ore word deur allerhande faktore uit die donker wêreld om julle beinvloed en dat al daardie dinge soms verhinder dat die geestelike mens in jul binneste nie hoor wat Ek julle El vir julle wil sê niel Selfs al lees julle My Woord of `n boodskap, sal julle dit nie regtig verstaan nie, tensy My Gees julle lei.

My liewe kinders**, om te luister, is `n ernstige saak**. Dit sluit ook reaksie en betrokkeneeid in. Is dit nie wonderlik vir julle om te weet dat julle die vrymoedigheid mag neem om met My jou Elohey te kan praat **en te weet Ek hoor en luister**. Kyk, Ek hoor en luister nie net nie, maar **Ek reageer ook.**

As julle daaraan werk om waarlik te luister na wat ander mense sê(My boodskappers), is julle ook terselfdertyd besig om julself voor te berei om My stem te hoor. **Weet dat Ek Elohey met julle wil praat!**

Daar is waarskynlik baie van julle wat nie My stem kan hoor ne, dis omdat julle nie besef dat Ek met julle wil praat nie. My kinders, dit is vir My `n vreugde om julle op al jul vrae te antwoord, iets wat alreeds vir mense wat aan die wêreld vas gegroei het, moeilik is om te verstaan en te glo – met jou hele hart te weet en te glo, want anders gaan julle My nie hoor en verstaan as Ek persoonlik met julle wil praat nie.

As julle na My Woord gaan sal julle sien dat daar talle voorbeelde is van verhale waar Ek op die hulpgeroep van My kinders (volk) gereageer het deur middel van My profete. Ja, soms het Ek direk met hulle gekommunikker, maar in ander gevalle het Ek hulle gebruik om `n boodskap aan die volk te bring.

Daarom, My liewe kinders het Ek ook op My Goddelike manier vir julle My Woord gegee – om dinge wat in My hart is, met julle te deel. Ja, julle moet die wonderlike realiteit jul eie maak, dan sal julle uiteindelik by die punt kom waar julle My Stem in jul harte sal hoor.

**Amen**

Bertus:

As ons bevestiging soek, lees 2 Kor 13:1:‘’’Dit is die derde keer dat Ek na julle toe kom. In die mond van twee of drie getuies sal elke woord vasstaan.’’ (1933 vertaling)

BOODSKAP 14

15 SEPTEMBER 2013

SONDAG 04H30

## **DIE REDE VIR ALLES.**

''Alles het Jahweh gemaak vir Sy doel…..(Spreuke 16:4)

Die einddoel van die heelal is om My glorie duidelik te maak. Dit is die rede vir alles wat bestaan – ook jy. Ek, Elohey het alles vir My heerlikheid geskep. Sonder My heerlikheid sou daar niks bestaan het nie.

Jy vra wat is My heerlikheid? Dit My liewe kind is wie Ek is; die wese van My aard, die gewig van My belangrikheid, die skittering van My luister, die demonstrasie van My krag, en die Atmosfeer van My teenwoordigheid.

Kyk maar net om jou heen. Alles wat Ek geskape het, weerspieël My heerlikheid op die een of ander manier. Jy sien dit van die kleinste mikroskopiese lewensvorm tot die grootste Melkweg, van sonsondergange en sterre tot storms en seisoene. Ja, die hemel getuig van My mag en heerlikheid.

Deur die hele geskiedenis het Ek, My heerlikheid in verskillende omstandighede vir mense gewys. Ja, Ek het dit eers in die Tuin van Eden gewys, toe aan Moses, toe in die tabernakel en die temple, en toe deur Jahshua en nou deur jou.

Kyk, My Woord het mens geword en onder julle kom woon. Julle het My heerlikheid gesien… vol genade en waarheid.

In die hele heelal betoon net twee van My skepsels My geen eer nie; gevalle engele (demone) en die mens. Alle sonde is in wese `n versuim om aan My eer te betoon. Dit is om enige iets meer lief te hê as vir My jou Hemelse Vader. `n Weiering om eer aan My te betoon, is die rebellie van trots, en dit is die sonde wat Satan se val meegebring het – en ook die van die mens.

Bertus:

Nie een van ons gee aan Elohey die volle glorie wat Hy verdien nie. Dit is die grootste sonde en fout wat ons kan maak. Daarenteen is die grootste prestasie wat ons in ons lewe kan breik is

om Elohey al die eer te gee wat Hom toekom. Dit moet die grootste doelwit in ons lewens wees.

Elohey:

Jy bring eer tot My deur My lief te hê, deur My te aanbid, deur jou naaste lief te hê, om soos Jahshua te word, ander met jou gawes te dien en om aan ander van My te vertel.

My liewe kind, Ek nooi jou op hierdie oomblik uit om tot My heerlikheid te leef deur die doel waarvoor Ek jou geskep het. Glo dat Ek jou liefhet, glo dat Ek jou gekies het om `n verhouding met My te hê, glo dat jy geskape is om vir altyd te leef, en glo dat Ek jou geskape het vir My doel.

Ontvang dan. Ontvang My in jou lewe. Ontvang My Gees, wat jou die krag sal gee om jou lewensdoel te vervul.

Wie in My glo, het die ewige lewe!

**Amen**

BOODSKAP 15

16 SEPTEMBER 2013

MAANDAG 01H00

## WAT DIE MEESTE SAAKMAAK.

**Die lewe draai grootliks om liefde.**

Omdat Ek Elohey liefde is, is My belangrikste les vir jou op aarde dat **jy moet leer hoe om lief te hê**. In jou liefde is jy die meeste soos ek, dus is **liefde die grondslag van elke opdrag wat Ek jou gee:** '' Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: ''Jy moet jou naaste liefhê soos jouself''

Kyk, Petrus sê: ''Julle moet alle mense respekteer ne julle medegelowiges liefhê.'' Paulus beaam dit: ''Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral ons medegelowiges.

Ja, jy vra, waarom dring ek jou Hemelse Vader daarop aan dat ons veral ons medegelowiges moet liefhê en meer aandag aan hulle moet skenk? Waarom kry hulle voorkeur wat liefde betref? Dit My liewe kind is omdat Ek wil hê My familie moet meer as enige-iets anders vir My liefde bekend wees. Liefde vir mekaar – nie jou doktrine – geloof nie – is jou grootste getuienis voor die wêreld. As julle mekaar lief het, sal almal weet dat julle dissipels van My is.

In die hemel gaan jy My, Elohey se familie vir ewig geniet, maar hier op aarde lê daar eers `n gedugte taak voor om jou op die ewigheid van liefde voor te berei. Ja, Ek wil hê jy moet gereeld in noue verbintenis met ander gelowiges leef sodat **jy liefdesvaardighede kan ontwikkel**. G'n mens kan in isolasie leer liefhê nie. Jy moet naby mense wees.

Liefde behoort jou hoogste prioriteit, eerste doelwit en grootste ambisie te wees. Liefde is nie `n goeie deel van jou lewe nie, dis die belangrikste deel . `n Ander rede waarom Ek sê jy moet die liefde jou heel grootste prioriteit maak, is omdat dit vir ewig hou en is! ''…….geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde.''

''Liewe kinders, julle liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid.'' Verhoudings kos tyd en inspanning, en die beste manier om liefde te spel, is T-Y-D.

Die wese van liefde is nie wat jy van ander dink of vir hulle gee nie, nee, dit is hoeveel jy van jouself gee. Kyk, die liefde beteken dat jy iets prysgee – dat jy jou voorkeure, gemak, doelwitte, sekuriteit, geld, energie of tyd tot voordeel van iemand anders prysgee.

My liewe kind, as jy jou liefde wil uitdruk, moet jy dit liewer nou doen. Want jy weet nie hoe lank jy nog die geleentheid gaan hê nie, en môre is nie vir jou gewaarborg nie.

In die wete dat jy eendag voor My jou Elohey gaan staan is hier `n paar vrae waaraan jy moet dink: Hoe gaan jy daardie kere verduidelik toe projekte of dinge vir jou belangriker as mense was? Met wie moet jy meer tyd begin deurbring? Wat moet jy uit jou skedule weglaat om dit moontlik te maak? Watter opofferings moet jy maak?

Liefde is die beste gebruik van die lewe. **Tyd is die beste uitdrukking van liefde**. Nou is die beste tyd om lief te hê.

**Amen**

BOODSKAP 16

16 SEPTEMBER 2013

MAANDAG 04H00

# ELOHIM SE KRAG IN JOU SWAKHEID.

''My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring.'' (2 Kor 12:9)

**Almal het swakhede**. Jy het trouens miskien ook swakhede en foute: liggaamlik, emosioneel, intellektueel skuil en verwens jy jou swakhede. Dit beteken dat Ek hulle nie kan gebruik soos Ek wil nie. My liewe kind, Ek jou Elohey gebruik graag swak mense.

Ek het `n ander perspektief op jou swakhede. Kyk, Ek sê: ''Soos die hemel hoer is as die aarde, so is My optrede verhewe bo jou optrede en My gedagtes bo jou gedagtes. '' Kyk, Ek wil ook jou swakhede tot My glorie gebruik.

My Woord sê: ''…..**wat vir die wêreld swak is, het Ek uitgekies om die sterkes te beskaam**.'' Kyk, jou swakhede is nie per ongeluk nie. Ek jou Elohey het hulle doelbewus in jou lewe toegelaat om My krag deur jou duidelik te maak. Ja, Ek voel aangetrokke tot mense wat swak is.

Kyk, My Woord wemel van voorbeelde hoe Ek graag onvolmaakte, gewone mense gebruik om ondanks hul swakhede buitengewone dinge te doen. **Ek, jou Hemelse Vader is lief vir jou**, erken jou swakhede, wees tevrede met jou swakhede, **wees eerlik oor jou swakhede** en glorie in jou swakhede.

My liewe kind, swakhede moedig ook gemeenskap tussen gelowiges aan. Krag kweek onafhanklikheid (''ek het niemand nodig nie''), terwyl jou beperkings wys hoe baie julle mekaar nodig het. Wanneer jy die swak draadjies van jou lewe aanmekaar weef, maak jy `n baie sterk tou. Soos sneeuvlokkies is gelowiges broos, maar wanneer hulle saamkoek, kan hulle die verkeer tot stilstand bring.

Kyk, soms verander Ek egter `n sterkpunt in `n swakheid om jou selfs meer te gebruik. **As jy wil hê Ek moet jou seën en jou oorvloedig gebruik, moet jy gewillig wees om jou swakhede te erken en eerlik daaroor te wees.**

**Ek Elohey gebruik swak mense.**

**Amen**

BOODSKAP 17

16 SEPTEMBER 2013

MAANDAG 04H00

## ONS HOOR WAT ONS GRAAG WIL HOOR

Daar is `n eg menslike neiging om net daardie dinge te hoor wat jy wil hoor. Wanneer onaangename dinge gesê word, weier jy om te luister of jy oortuig jouself dat hulle nie op jou van toepassing is nie. Wanneer vleiende woorde weer uitgespreek word, is dit vir jou inspirerend en versterk dit jou, al sou jy besef dat dit nie volkome waar is nie.

Hierdie menslike swakheid mag jou help om onaangename situasies te vermy. As dit egter op die geestelike terrein toegepas word, kan dit uiters gevaarlik wees. Wanneer Ek jou Elohim, My Wil duidelik aan jou bekend maak en jy nie gewillig is om My te gehoorsaam nie, mag jy dalk voorgee dat jy nie verstaan nie of jou doof hou vir My stem en uitdagings.

Wanneer Ek jou Elohim praat en My pad vir jou aandui, **mag daar geen verskoning wees** sodat jy jouself kan behaag nie. As Ek praat, het Ek die reg om gehoor en gehoorsaam te word. Kyk, **Ek laat alles vir jou ten goede meewerk en Ek wil vir jou net die beste gee**. Hoe hoog My eise ook al mag wees of klink, Ek **jou Lewendige Elohey sien die toekoms, en hou dit alles in My hand**.

My liewe kind, hoor wat Ek vir jou wil sê, gehoorsaam My Wil in jou lewe, ja,**vertrou die toekoms aan my toe.** Dan kan en sal jy net met selfvertroue leef en werk.

**Amen**

BOODSKAP 18

21 SEPTEMBER 2013

SATERDAG 02H00

# DIE TYD VAN AFSLUITING

Julle leef nou in die tyd waarin alles afgesluit word, `n tyd waar daar oral `n gewaarwording is dat die einde op hande is. Dit is dan ook die rede waarom Ek Elohey so dringend deur My Woord en My boodskappers met julle praat. My liewe kinders tyd is besig om vinnig ten einde te loop. Luister na My stem daar is `n rede waarom dinge plaasvind soos wat julle dit nou sal ervaar (`n geestelike rede). Die rede is: **''EK KOM TERUG!''**

Die werk wat julle vir My moet doen, is geweldig groot, met net genoeg tyd oor om die beste daarvan te maak. Wat van belang is wanneer dit gaan plaasvind of julle besig is met My opdragte en dit gaan gehoorsaam. Om in hierdie eindtye te leef het julle `n **verantwoordelikheid om na te kom, doen dit dan met groot ywer**.

Julle is die laaste getuienisse van hierdie uur- en Ek het aan julle alles gegee wat julle nodig het om die werk gedoen te kry. **Om saam met My julle Elohey te beweeg moet julle bereidwillig wees om die moeilike deel van die nuwe pad ook saam met My te loop.**

Ja, daar sal mense wees wat hierdie aktiwiteit van verandering sal beveg omdat hulle onkundig, jaloers of bevrees is. Dit kan baie maklik jul aandag van die taak wat voorlê aftrek, maar julle kan nie bekostig om kosbare tyd en energie te vermors op mense wat nie die erns van die eindtye besef nie. **Die oomblik wanneer julle julle oë van My afhaal en op die negatiewe en lewensomstandighede begin konsentreer, kan julle baie maklik soos Petrus ook in die diep waters wegsink.**

Kyk, My volk is regdeur My Woord as `n uitverkore geslag genome:

''As julle dan nou terdeë na My Stem luister en My Verbond hou sal julle My persoonlike eiedom uit al die volke wees, want die hele Aarde is Myne'' (Eksodus 19:5).

''Want jy is `n volk apart gestel aan Jahweh jou Elohey, en jou het Jahweh uitverkies om Sy Eiendomsvolk te wees uit al die volke wat op die aangesig van die Adamah(adamiet se Aarde) is'' (Deut 14:2)

''Maar julle is `n uitverkore saadlyn, `n koninklike priesterdom, `n apart gestelde nasie. `n Volk as eiendom verkry, om te verkondig die voorrtreflikheid van Hom wat julle uit die Duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig''

**Ja, vir My is julle afgesonder van die wêreld en baie spesiaal**; `n skat wat in My hart verborge is. Vir die sekulêre wêreld, en ook vir sommige in die geestelike wêreld, sal julle vreemd en anders wees. Uitverkore mense van My **doen dinge op My manier**, al lyk dit vir die wêreld en ander mense snaaks.

My liewe kinders, wanneer Ek dinge in die geestelike realm begin verander, word alles wat geskud kan ward, deurmekaar geskud en het tot gevolg dat die veranderinge wat Ek verlang, plaasvind. (Lees Hebr 12:26-27)

My lewe kinders, dit is daarom noodsaaklik dat julle bly oor hierdie veranderinge moet word omdat dit beteken dat julle **al hoe nader na die einde beweeg**. Besluit daarom nou in jou hart om nie bekommerd te wees nie. Ja, laat julle dan nie bevrees wees nie, maar die eindtyd se geleenthede en avontuur aangryp en beleef.

Maak nou `n keuse om ten spyte van jou omstandighede, in hierdie eindtye betrokke te raak in My teenwoordigheid en die van jou naaste.

Kyk, Ek sê weer: ''**Tyd is besig om vinnig ten einde te loop!''**

**Amen**

BOODSKAP 19

21 SEPEMTER 2013

SATERDAG 03H30

**ONS IS IN 'N OORLOG BETROKKE**.

Met al die nuwe aanslae wat die vyand nou in hierdie eindtye om My jul Elohey se werk loods, moet julle **gereed wees om geestelik oorlog te voer**.

Julle moet die oorlog betree met die vasberadenheid om **te veg tot die einde toe**. Daar is mense wat net praat oor die vernietigingswerk van die Duiwel in mense se lewens, maar self nooit in die oorlog wil betrokke raak nie. Hulle onbetrokkenheid veroorsaak dat die vyand al hoe meer grond wen.

Kyk, Ek Elohey wou, en wil nog steeds hê dat My kinders geskool in oorlogvoering moet wees. Ja, mense verkeer onder die **wanindruk dat ons in vredestye leef**. `n Suksesvolle geestelike oorlog is een waar julle die oorlog wen. Migael het teen die engele van Satan geveg en die eerste oorlog ooit, gewen.

Die tweede oorlog het plaasgevind in die Tuin van Eden. Hier het die stryd gegaan om die mens se wil en die uitslag sou bepaal wie mag het oor die mens se eindbestemming. Ja, dit mag voorkom of die Duiwel die stryd gewen het, maar hierdie geveg het voorgegaan totdat Ek Jahshua teen Satan geveg – en gewen het!

Hoe pak julle hierdie stryd aan?

Kyk, Ek Jahweh het julle gekies om My soldate te wees. Daar is geen vrywillige weermag nie – **elke gelowige is opgeroep** om in hierdie oorlog gewikkel te raak.

Sonder wapens kan `n stryd ook nie aangesê word nie. In My Woord is `n duidelike omskrywing van julle wapens en hoe dit gebruik moet word. (Lees Efesiërs 6:13-18). Elke ware soldaat moet gesalf wees met die Apartgestelde Geeskrag, want die **vyand en sy onderdrukkende manier** van dinge doen, **kan nie met vleeslike mag beveg word, nie.** Hy word slegs oorwin deur die wapens wat Ek Elohey tot julle beskikking gestel het en met behulp van die salwing van die Apartgestelde Gees.

Kyk, die vyand se aanvalle is daarop **gerig om My werk te vernietig**, maar julle het nie nodig om in vrees weg te kruip nie, want **Ek Elohey het julle toegerus met al die wapens wat julle nodig mag hê, julle moet net leer hoe om die wapens te kanteer**. As julle dit nie doen nie, sal julle ten gronde gaan weens `n gebrek aan kennis.

Geestelike oorlogvoering druk My liefde op `n kragtige manier uit. **Sterk liefde wat daarna streef om verandering in mense se lewens te sien,** sal julle nie handdoek ingooi as dinge moeilik raak nie. Onthou egter dat julle **stryd nie teen vlees en bloed is nie**, maar teen die owerhede en die magte in die lug – **julle veg nie teen mense nie, maar teen die duiwels agter hulle.**

Kyk, Ek gebruik My mense – My soldate – om die volk te verander. **My weermag moet in beweging kom!**

**Amen**

BOODSKAP 20 op 22 SEPTEMBER 2013 SONDAG 02H15

## ‘N BEVOORREGTE GESLAG.

Kyk, My liewe kinders, **julle leef in die mees bevoorregte en opwindendste tye**. Net jammer dat meeste gelowiges se lewenstyl alles behalwe opwindend is; party huldig die standpunt:’’ Ek is nou eenmaal hier en sal my bes probeer om dit te maak’’. Ander leef weer met die vrees – gaan ek dit in hierdie eindtyd maak of nie?

Hierdie, My kinders moet onder geen omstandighede julle uitkyk wees nie.

Kyk, die lewe saam met My, Jahshua kan `n voortdurende avontuur wees, maar sommige gelowiges besluit om `n vaal, vervelige lewe te lei omdat hulle dit nie waag om op die snykant daarvan te leef nie. **As julle dit waag om presies te doen wat Ek Jahshua sê, is en sal jou lewe opwindend en vol pret wees.**

Julle beleef nou die laaste groot hoera! Julle moet dit julle nou ten doel stel om, alles in jul vermoë te doen om My planne op aarde te vervul. Julle moet egter nie die dinge rondom julle vanuit `n natuurlike perspektief beskou nie. Julle weet mos dat Ek Elohey `n hand in die gebeure het en in beheer sal bly tot die einde toe.

My liewe kinders, hierdie laaste uur behoort julle bly te maak, nie hartseer, terneergedruk of bevrees nie. Julle kan `n keuse maak of julle kan soos uitgewaste lappe en vol vrees leef, of julle kan die pad nou saam met My loop, `n pad vol pret. Dit is reg, ja – vol pret!

**Geen geslag sedert die eerste geslag van die geskiedenis, het so `n unieke verantwoordelikheid soos die huidige geslag nie.**

Die dinge wat nou in die wêreld plaasvind is die geboortepyne, ja, dit is daardie tyd wanneer die baba gereed maak om die wêreld in te kom. Julle leef nou in daardie tyd, daardie oorgangstyd van een era na `n ander en gelowiges **(My volk) moet hulle daarop toespits om te leer hoe om waarlik te leef en hoe om oorwinnend te oorleef gedurende hierdie tyd van verandering.**

Kyk, Ek Jahweh rig vandag `n uitnodiging aan ieder en elk wat deel van My familie (Volk) wil wees om `n keuse te maak en ten spyte van jou omstandighede om nou betrokke te raak self al het julle dit nog nooit tevore gedoen nie. **Moet julleself nie blind staar aan die veranderings wat in die eindtyd gaan plaasvind nie.**

’’Daarom dan, terwyl julle so `n groot wolk van getuie rondom julle het, laat julle ook elke las aflê en die sonde wat julle so maklik omring, en met volharding loop die wedloop wat voor julle lê’’ (Hebr 12:1)

Slegs jyself en Ek Elohey weet wat daardie laste is wat jy dra en slegs Ek kan jou verlos daarvan – as jy manmoedig en eerlik is om dit aan My te erken en My hulp in te roep.

**Nou is die aangewese tyd om dit te doen.**

**Amen**

<u>BOODSKAP 21 op</u> 22 SEPTEMBER 2013 om SONDAG 04H50

# SAL ONS PARAAT WEES

My liewe kinders, die vraag is, sal julle paraat wees vir die einstryd? Ja, `n vraag soos hierdie is so aktueel soos nooit tevore nie. Kyk, daar gaan `n **verwoestende uitwerking op My onvoorbereide volk wees en TYD begunstig julle beslis nie**; die uurglas loop uit! Julle gaan nie meer tyd kry nie en dit wat oor is, bevoordeel die magte van die duisternis.

Ja, **dit is nou die tyd** waarin julle die duiwel se wêreldwye aanslag sien plaasvind om My werk op aarde totaal uit te wis. Dit is ook sy laaste probeerslag – en hy sal nie oorwin nie.

My vraag aan julle vandag is: "**SAL JULLE OORWIN? IS DAAR HOOP**?"

**Ja, daar is hoop!** Vir My volk en julle land. Kyk, daar staan geskrywe: " Op hierdie rots van My sal Ek die gemeente bou, en die poorte van die Doderyk sal hom nie oorweldig nie." (Matt 16:18)

Ja, "Wie sal julle skei van My liefde – verdrukking of benoudheid of vervolging of...... gevaar of swaard?

Ja, My liewe kinders, hier word daar van `n stryd, verdrukking en vervolging gepraat en dit sal my kinders nie gespaar bly nie**, maar Ek Elohey gee julle die uitkoms, die oorwinning versekerd**. **NIKS sal julle skei van My liefde nie. Dit is die hoop!**

Julle vra of daar hoop is vir jul land? As die ongeregtigheid en die sonde, toeneem , ja, as die liefde van die meeste gelowiges verkoel, sal My oordeel dan nie kom nie? Of is daar hoop? Ja, vir julle land is daar hoop. My oordeel sal oor elke land kom tensy My volk, tot bekering kom.

"En My volk, oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My Aangesig soek en hulle bekeer van hul besoedelde weë, **dan sal Ek uit die Hemele hoor en hulle oortredinge vergewe** en hulle Aarde genees" (2 Kron7:14)

My liewe kinders, die betekenis is duidelik. My oordeel kan afgewend word. Dit hang van My volk af. Dit gaan nie hier in die eerste plek oor die goddelose wat tot bekering moet kom nie, maar oor My volk. Ja**, skyngeloof en wettiese godsdiens moet plek maak vir waaragtige geloof**.

Die toekoms van jul land hang nie in die eerste plek af van die aantal sondaars nie, maar van die aantal regverdiges. Dit, My liewe kinders sien julle duidelik in die gebeurtenisse rondom Sodom en Gomorra. Die oordeel oor hulle het gekom omdat daar `n tekort aan regverdiges was.

Ja, Ek Elohey het hulle (Sodom en Gomorra) se sonde raakgesien. Ek kon die ongeregtigheid nielanger aanskou nie. Die mense het losbandig gelewe. My Naam is nie meer genoem nie, behalwe in vloektaal.

Lees Gen. 18:23. "Toe sê Jahweh: "**As Ek in Sodom vyftig regverdiges vind binne-in die stad, dan sal Ek die HELE PLEK spaar OM HULLE ONTWIL"**

My liewe kinders, so ook met julle land. My volk is verantwoordelik. Ja, hulle sal die bepalende faktor wees tydens die oordeel wat wêreldwyd gaan kom. Terwyl die gelowiges vir die goddelose moet oproep tot bekering, **roep Ek Elohey die gelowiges op tot inkeer en berou**.

Dan sal Ek Elohey die HELE PLEK vergewe OM HULLE ONTWIL.

Dit , My liewe kinders, hang van julle (My volk) af.

**Amen.**

BOODSKAP 22 op 25 SEPTEMBER 2013 om 03H00

# DIE DAG VAN JAHWEH IS NABY.

Daar kom `n tyd, en **dit is baie naby**, dat Ek Jahweh die volle beheer en rentmeesterskap wat weens die mens se sondeval van My vervreem en deur die Bose geroof is, gaan terugneem. Dit sal `n tyd van geweldige verdrukking, van **angswekkende oordele en van rou wees**.

Julle lees in Joël 1:15: ''Ag die dag! Want naby is die dag van Jahweh, en Hy kom soos `n verwoesting van die Almagtige'' Dan vervolg die profeet so:

''Blaas die ramshoring in Sion, en `n oorlogskreet in die Berg van My Apartheid! Laat al die inwoners van die aarde lewe, want die dag van Jahweh kom, want hy is naby. (Joël 2:1)

**Geen mens mag die erns van die tyd waarin julle leef, onderskat nie**. Hierdie dinge gebeur omdat Ek Jahweh dit toelaat. Kyk, My Woord bevestig dit oor en oor, maar Ek Elohey gee ook aan julle die tweede asem in hierdie laaste dae waarin julle leef. Ja, dit is `n **spesiale salwing** wat julle in staat sal stel om te **volhard tot op die laaste oomblik**.

Kyk, om julle leef baie gelowiges waarvan Ek Jahshua gesê het: ''Die liefde van die meeste het verkoel'' Hulle is die mense wat terug gaan sit het en net maar bestaan; ja**, die lewe wat daar in My is, het by hulle verbygegaan.**

My liewe kinders, wanneer julle die dinge beleef wat volharding vereis, **sal vreugde julle help** om dit te verduur. As julle wil volhard tot die einde toe, is dit nodig dat julle oë op die wenstreep, waar Ek Jahshua vir julle staan en wag, sal hou.

Kyk, julle is nie burgers van hierdie wêreld nie, maar net vreemdelinge en bywoners, **julle burgerskap is by My in die hemele.** Maar onthou, Ek Elohey heers oor die hele skepping en gaan terugkeer aarde toe vir `n oorwinnende sterk bruid – `n bruid sonder vlek of rimpel.

My liewe kinders, raak ontslae van die gees van swaarmoedigheid en trek die kleed van lof aan. Ja, sterk lof wat uit jou gees vloei, sal die **mag van die bose in die lug verbreek** en `n vars salwing meebring.

**''Staan op, word verlig; want jou Lig kom, en die Glansrykheid van Jahweh gaan oor jou op''**

''Want kyk, die Duisternis sal die Aarde oordek en groot donkerheid die gemeenskappe; maar oor Jou sal Jahweh opgaan, en Sy Glansrykheid sal oor jou gesien word'' (Jesaja 60:1-2)

**Ja, My heerlikheid rus op diegene wat My gehoorsaam en volhard tot die einde toe**. Hierdie donker tyd is nie `n tyd om swaarmoedig te word, nie, maar dit is `n **tyd van oorwinning**. Julle moet onthou en in gedagte hou dat die vyand al hoe harder sal probeer om julle skade aan te doen of heeltemal te laat misluk, maar **Ek Elohey gee aan julle `n moedige gesindheid** om julle in staat te stel om julle verantwoordelikheid in hierdie eindtye na te kom.

Julle het dus `n taak om te vervul; **Staan op, word verlig! Dit is My Jahweh se dag! Amen**

BOODSKAP 23 op 26 SEPTEMBER 2013 om 04H00

## OM BELEDIGINGS TE KOESTER HET SY GEVOLGE

My liewe kind wanneer jy die **negatiewe dinge** koester, laat dit jou **aandag aftrek van jou bestemming in My jou Elohim**. Dit vernietig jou visie en die groei van jou bediening.

As die Duiwel dit kan regkry om jou beledigd te laat voel, slaag hy daarin om jou aandeel in die eindtyd werksaamhede te aborteer. Dit is waarom Ek Jahshua gewaarsku het: ''En baie sal tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. '' (Matt. 24:10) Kyk, ek het hierdie waarskuwing gerig om jou sterker te maak, om jou voorbereid te maak op die gevare wat daarin lê om gedurig beledigd te voel en om jou in staat te stel om teenstand teen die vyand te bied as hy hierdie offensief teen jou gebruik.

Die gevolg is dat **jou gekrenkte gevoelens jou in `n sirkel laat leef** wat rondom jou seergemaakte gevoelens draai en nie rondom My jou Elohey nie. Hierdie belediging/geding kom **staan tussen jou en jou medemens en tussen jou en My.**

**Jy verloor jou vreugde, jou krag, jou vrede en jou opgewondenheid in My. Jy word moeg, terneergedruk en uitgeput en dit open die deur vir verraad en haat in jou lewe.** Kyk, My Woord waarsku jou om nie in bitterheid te verval nie, omdat dit **groot probleme** in die lewe van My kinders kan veroorsaak.

Daar staan ook geskrywe: ''En moenie die Apartgestelde Gees bedroef nie deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing''

**Seergemaakte gevoelens kan selfbejammering kweek**. Dit het die natuurlike gevolg dat jy tot mense aangetrokke voel wat soos jy, net aan hulle eie smart en verontregting dink. Om seergemaakte gevoelens te koester, **lei jou in verraad en haat in**.

Wanneer dit gebeur, word Goddelike verhoudinge gediskonnekteer. Waak daarteen, word wys in die liefde van My sodat julle mekaar nie verraai nie.

**My kind, die teenoorgestelde van haat en verraad is liefde**. Laat julle die ''mekaar verraai en haat…'' verander in ''baie sal mekaar liefhê''

**Amen**

BOODSKAP 24 op 26 SEPTEMBER 2013 om 05H15

## LAAT JOU GEDAGTES NUUT WORD.

Waar tref die moeilikheid jou eerste? In jou gedagtes, in jou siel. Bekommernis en besorgdheid beïnvloed jou denke en emosies, daarom, My kind, is dit noodsaaklik dat **geen belediging in jou gedagtes of emosies moet wortelskiet nie.** Dit kan ook later jou gees beïnvloed en jou pas verstadig.

`n **Beheerde denkwyse**, en gedagtes wat vernuwe is en onder die gesag van My Woord en die Apartgestelde Gees geplaas is, sal aan jou **oorwinning** verseker.

Ongelowiges, en soms ook gelowiges, mag dalk aanstoot neem op die manier waarop Ek Elohey in en deur jou werk. Soms is dit as gevolg van jaloesie dat so `n gesindheid ingeneem word. Julle moet **baie versigtig wees** om nie aanstoot te neem op die wyse waarop Ek iemand gebruik nie, maar waardeer liewer die manier waarop Ek in ander se lewens werk.

Die lewe hier op aarde is nie regverdig nie en sal ook nooit wees nie, maar jy kan oorwinnend te midde van alles leef, indien jy besluit om in vergifnis en liefde te wandel en **weier om aan die oortredings teen jou vas te hou.**

Jy vra, hoe weerhou jy jouself daarvan om te na gekom te word? Hoe raak jy ontslae van die dinge waaraan jy so naarstiglik vasklou? My liewe kind, die antwoord lê in **1 Kor. 13 :4-5**.

Maar weliswaar sal daar altyd mense wees wat aanstoot neem van enigiets wat jy sê, en dit My kind, is iets waaraan jy niks kan doen nie. Dit bly egter steeds jou plig om van jou kant af niks te doen wat ander kan aanstoot gee nie. **Neem `n besluit om altyd in liefde te wandel.**

Dit is baie belangrik om in hierdie eindtye te vergewe en in liefde te wandel, omdat die Goddelike verhoudinge waarin Ek Elohey jou plaas, uitmekaar geskeur kan word.

Besluit om **onmiddellik te vergewe** en in liefde te wandel, want dan kan jou hart, gedagtes en gees vry wees om **My Jahweh voluit te dien**.

**Amen**

BOODSKAP 25 op 28 SEPTEMBER 2013 om 00H10

## LUISTER, EN HOOR DIE GEES VAN APARTHEID

''Want geen profesie is ooit deur die wil van `n adamiet voortgebring nie, maar deur die Gees van die Apartheid gedrywe, het die Apartes van die Elohim gespreek'' (2 Petrus 1:21)

Wanneer `n mens sy lewe aan My Elohim gegee het, word jy vir My bruikbaar. Ek wil elkeen van julle iewers heen stuur op `n **missie om My boodskap uit te dra**. Is dit nie `n wonderlike gedagte, dat Ek Jahweh jou in My diens wil gebruik – **net soos jy is,** dit My liewe kinders is omdat Ek vir elkeen van julle `n spesifieke plekkie bepaal het waar Ek jou spesiaal nodig het.

So baie keer sê Ek in My Woord dat **julle moet luister**. Ja, julle moet hoor en luister wat die Apartgestelde Gees vir julle wil sê. In Openbaring 2:7 staan geskrywe: ''Wie `n oor het, laat hom hoor wat die Gees van die gemeentes sê'' Wie dus ore het, moet dit gebruik om te luister. Elkeen van julle wat luister, hoor dan wat die Apartgestelde Gees spesifiek aan jou wil sê. En die logiese reaksie hierop sal dan wees om te doen.

Kyk, Ek jul Hemelse Vader wil jou gebruik. Die Apartgestelde Gees of te wel My Gees werk egter met mense op verskillende maniere. Ja, so het Ek vir Barnabas en Petrus afgesonder en gestuur om My Boodskap te gaan verkondig, maar op `n ander geleentheid het Ek hulle weer verhinder om sekere roetes te volg. Ja, hulle moes eers vertoef en weer luister.

My liewe kinders, dit is oneindig belangrik dat **julle vir My beskikbaar moet wees**, dat julle moet **luister na My roepstem**. Wanneer julle luister, sal julle soos Jesaja, hoor hoe Ek Elohim vra: ''Wie kan Ek stuur? Wie sal My boodskap uitdra?'' En dan kan julle ook soos hy antwoord; **''Hier is ek! Stuur My!**''

Dit maak nie saak waar en hoe Ek Jahweh jou wil gebruik nie, luister net na die Gees se influistering en **wees beskikbaar**! Kyk, in die wêreld is daar soveel hartseer en ellende. Jy kan soveel vir My doen as jy na die Gees luister en beskikbaar is, al is dit net in jou eie klein kringetjie. **Luister net, hoor en doen**!

**Amen**

BOODSKAP 26 op 29 SEPTEMBER 2013 om 00H20

## MOEDIG EERDER AAN AS OM TE KRITISEER.

Bertus:

Paulus vertel ons:''Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder'' As gelowiges deel ons een Jahweh, een liggaam, een doel, een Vader, een Gees, een hoop een geloof, een doop en die **belangrikste van alles een liefde**. Ons deel dieselfde verlossing, dieselfde lewe en dieselfde toekoms – en die faktore is veel belangriker as enige verskille wat ons kan opnoem. Ons moet ons aandag bepaal by wat die meeste saak maak – dit is om **mekaar lief te hê**. Ek dink ons moet `n kennisgewing oprig waarop daar staan; ''Volmaaktes, gaan verby. Dis `n plek hierdie vir mense wat erken hulle is sondaars, wat genade soek, en wil groei''

Elohim:

Dis altyd makliker om op die kantlyn te staan en die wat My julle Elohim dien, af te kraak en te kritiseer, as om werklik betrokke te raak en `n bydrae te lewer. Kyk, waarsku Ek julle dan nie keer op keer om nie te kritiseer, te vergelyk of mekaar te oordeel nie.

Wanneer julle iets of iemand kritiseer wat `n ander gelowige in geloof en uit eerlike oortuiging vir My doen, **meng julle met My sake in**. Wanneer jy oor `n ander gelowige oordeel, gebeur daar dinge onmiddellik met jou; **jy verloor gemeenskap met My**, jy stel jou eie trots en onsekerheid bloot, jy **stel jouself aan My oordeel bloot**, en jy doen die gemeenskap skade aan.

Kyk, wie op onreg uit is, luister graag na **kwaadwillige woorde**. Hierdie mense bring verdeeldheid; hulle word deur hul natuurlike drange beheer. My liewe kinders, as julle na ongewenste kritiek of skinderstories luister, is dit soos om gesteelde goedere te aanvaar, en dit maak **jou ewe skuldig aan die misdryf.** Leer om te sê: ''STOP'' Salomo het gesê: ''Sonder hout bly `n vuur nie brand nie; **sonder `n kwaadstoker hou `n rusie nie aan nie''**

My liewe kinders, erken en aanvaar die mense wat so hard werk vir My en My opdrag soos aan hom toevertrou uitvoer. Ja, **betoon in liefde agting aan hulle, ter wille van hulle werk**.

**Leef in vrede met mekaar!**

**Amen.**

BOODSKAP 27 op 01 OKTOBER 2013 om 04H00

# GEWAPEN EN GEVAARLIK

Bertus:

Die **magtigste wapen** in die wêreld is definitief nie `n kernbom nie: dit is **ons tong.** Volgens Jakobus is dit soos `n **bol vuur binne-in ons mond**. Hy skryf in hoofstuk 3 van sy brief dat ons alles in die lewe kan tem, behalwe ons tong, want daarmee **loof ons Elohim** en tegelykertyd **vervloek ons ander**. Spreuke vertel vir ons dat `n tong in die mond van `n dwaas `n dodelike wapen is.

Elohim:

My liewe kinders, julle tong is `n wapen, maar julle het die **reg om te besluit** of julle dit as `n destruktiewe wapen gaan aanwend. Gaan julle dit as `n mes gebruik wat ander se lewe uitmekaar sny, of as `n instrument van genesing en vrede? Julle almal ken die **mag van woorde**. Woorde het al baie oorloë begin, huwelike opgebreek, vriendskappe verwoes, aanleiding gegee tot moord, wantroue, vyandskap, noem maar op. Aan die ander kant kan die **regte woorde weer lei tot vergifnis, versoening, vrede, stabiliteit, goeie verhoudinge, gelukkige huwelike, en so aan.**

Indien die volle verhaal van die ellende van hierdie wêreld geskrywe moes word, sou daar ongetwyfeld `n hele paar hoofstukke gewy moes word aan **die smart en droefheid**, die onbeskryflike leed en gebroke menslike verhoudings wat **deur die mens se tong veroorsaak is**.

Bertus:

Met die tong raak mense blatant onwaarhede, ongegronde aantygings, hartelose veroordeling en snydende sarkasme in die naam van vriendskap kwyt!

Elohim:

My liewe kinders, die tong roem hom op groot dinge – totdat die mens se hart die eiendom van My word. Dan **behoort die tong ook aan My en kom daar `n spraak verandering**. Ja, bitterheid, woede en negatiwiteit maak plek vir sagmoedigheid, versoening, en bowenal vir lof en getuienis vir My Elohim.

Julle raak dikwels vasgevang in jul eie manier van praat oor ander. Julle herhaal dieselfde tipe stories en selfs dieselfde woorde. Hou dadelik op daarmee! Verander julle grammatikale gewoontes. Probeer **nuwe woorde** gebruik, mooi woorde, wanneer julle oor ander praat. Onthou hulle is na **My beeld geskape**. Hanteer hulle versigtig.

**Verander jou manier van dink**. Begin elke dag anders dink. Dit sal jou lewe van bo tot onder omkeer. **Laat My Gees ruim in jou gedagtes toe**. Vra My om elke dag daar aan bewind te bly. Raak entoesiasties oor jou geloof. Raak opgewonde oor al die groot dinge wat Ek jou Elohim hier en nou doen.

Hou op om so verbeeldingloos te leef. **Hou op om altyd die vinger na ander te wys** of om jou omstandighede vir al jou mislukkings te blameer. Laat toe dat **kreatiewe gedagtes oorneem** in daardie wonderlike liggaam wat Ek aan jou gegee het. Maak dit propvol met **My goeie nuus**. Voel die hartklop van die nuwe lewe binne-in jou, My, jou Elohim se soort lewe. Raak weer opgewonde. **Wees vrymoedig en dapper**.

Ja, oorwin nuwe bergspitse.

Leef jou lewe van nou af in die hoogste versnelling. **Word `n lewende stelling, `n bewegende standbeeld van My groot krag. Leef elke asemteug, elke tree, tot My eer.**

**Leef jou lewe voluit!**

**Amen**

BOODSKAP 28 op 03 OKTOBER 2013 om 03H00

## ‘N NUWE NAAM

Het jy geweet daar is `n nuwe naam in die buurt en op aarde? **Jy!** Die nuwe jy, van kop tot tone nuut gemaak deur die Gees. Jy gaan van nou af `n **verskil maak**. Jy gaan die verskil leef.

Natuurlik is daar meer as genoeg ruimte vir `n nuwe handelsmerk vir My jou Elohim hier op aarde. Daar is `n **desperate behoefte aan `n geestelike handelsmerk wat met sukses verbind is**. Kyk, die wêreld is honger vir mense wat hulle geloof leef, wie se woord en dade hardop uitskree**: ‘’GOD LEEF!’’** Ja, jy moet My voltydse aardse verteenwoordiger wees. Jy moet 24 uur per dag staan vir **uitnemendheid, integriteit, liefde en krag**.

Jy moet van nou af `n **lewende kanaal van My krag** word. Met My jou Elohim aan die stuur van jou lewe is daar mos **geen limiete** nie. Dan is die hoogste hemele jou droom.

Almal wat daagliks met jou te doen kry, moet die verskil ervaar wat Ek in jou lewe maak. Ja, hulle moet die oorweldigende hemelse krag en die **innerlike vrede** aanvoel wat jou ganse wese oorspoel. En hierdie krag van My moet ook oorstroom na hulle toe. Daar is immers meer as genoeg lewende water in jou en vir almal rondom jou. My Woord leer julle: ‘’Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: **strome van lewende water** sal uit sy binneste vloei’’ (Johannes 7:38)

Waarom moet soveel krag dan vermors word? Jy mag nooit toelaat dat dit gebeur nie. Kyk, Ek **jou Elohey het oorvloedig in jou lewe belê**. Laat maar net toe dat My oorvloed deur jou vloei.

Verander elke dag in `n geleentheid om My oorvloed te ervaar. Deel dit met ander rondom jou. Jy kan nooit hierdie oorvloed opgebruik nie. Deel dit uit en hou jou oë oop vir die resultate.

**Amen**

<u>BOODSKAP 29</u> op 03 OKTOBER 2013 om 03H55

## <u>LEEF DIE NAAM</u>

Bertus:

Die geheim tot `n **suksesvolle Christelike lewe** is om die **krag van Elohim** deur jou gedagtes te laat vloei. Dit sal nie net lei tot nuwe gedagtepatrone nie, maar sal ook daardie verbeeldinglose Christelike lewe wat jy soms lei, heeltemal uit die pad vee. Dink net wat kan gebeur as die Gees van Apartheid **ten volle beheer oorneem** van jou lewe en gedagtes. Dan sal daar `n nuwe dosis Godverheerlikende gedagtes in jou kop instroom. Nuwe krag, nuwe geloof is dan jou voorland.

Elohim:

My liewe kinders, eers wanneer julle **gedagtes** op My **julle Elohim gefokus** is, begin julle regtig lewe. Julle emosies, julle sintuie, julle wilskrag sal dan skielik met nuwe hemelse energie gevul word. Ja, dit sal wees soos om 24 uur per dag by `n kernkragsentrale ingeskakel te wees. Julle sal **nuwe vrede** begin ervaar, `n **groter kalmte** sal oor jou heers en julle sal op die koop toe `n makliker**, meer minsame mens wees** met wie ander oor die weg kom.

Die uitdaging om daagliks langs My te stap waar Ek jou ook al lei, sal jou verstand laat duisel. Hoe meer julle dit doen, hoe meer sal julle wonderwerke voor julle oë sien gebeur soos die hemele voor julle oopgaan.

Kyk, ‘’Aan die einde van die tyd, sal Ek My Gees gee aan almal wat in My glo. Dan sal Ek My wil aan julle seuns en julle dogters bekend maak. Ja, hulle sal alles wat hulle by My hoor aan ander mense gaan oorvertel’’

Ja, tot vandag toe waai die Gees van Apartheid se magtige wind en brand sy vuur nog steeds. Moet dit nie probeer blus nie! Laat maar net toe dat dit deur julle waai. **Laat die Gees in julle brand.** Dan sal My krag oral in jou sigbaar wees.

**Wees `n kanaal van My hemelse krag.** Leef daardie krag uit; ja, My liewe kinders, leef die Hemelse Naam.

**Amen**

BOODSKAP 30 op 04 OKTOBER 2013 om 03H00

## ‘N GODDELIKE DRAMA

Het julle al ooit gewens dat julle net een keer die gordyn na die toekoms kon wegskuif en kon sien wat alles op julle wag? Sou julle nie ook graag wou verstaan wat presies besig is om agter al die chaos van julle tyd aan die gebeur is nie?

Kyk, Psalm 2 beskryf die chaos in julle wêreld. Dit bevat `n profetiese heenwysing na die eindtyd. Ja, dit vertel van die aardse leiers se opstand teen my Elohim en My Woord. Julle weet dat die opstand teen My net al hoe erger word en dat daar aan die einde van die tyd `n geweldige konflik tussen My julle Elohim en Satan gaan wees om te bepaal wie uiteindelik oor die menslike hart gaan heers.

1. **Die Satan se plan (Psalm 2:1-3)**

My liewe kinders, niks maar niks in die skepping het vir My meer betekenis het as die siel van `n mens nie. Want dit is waar liefde en aanbidding ontstaan. Ek het julle na My beeld geskape en julle uniek en wonderlik gemaak, sodat julle My wil hier op aarde kan doen, en Ek julle Elohim sou nie My Seun gestuur het om aan die kruis te sterf as die kosbare siele van My skepsels nie in gevaar was nie.

Ek het die menslike siel so geskape dat dit tot vurige liefde, oorgawe en toewyding en staat is. Die siel wat voel dat hy homself nie kan toewy aan iets wat nie die moeite werd is nie sal baie vinnig rusteloos, passief, gefrustreerd en verveeld raak. Julle sou dit ook anders kon stel; `n siel wat voel dat daar niks is om voor te sterf nie, het ook niks om voor te lewe nie.

Kyk, die wêreld is vandag vol lou gelowiges en geeneen van hulle is vir die Duiwel `n bedreiging nie. Hulle godsdiens word gekenmerk deur allerhande aktiwiteite en ‘’aksies’’ en hulle is so besig daarmee, dat hulle verhouding met My hulle Elohim al hoe meer afgeskeep word.

Die Satan weet goed dat dit My wil is dat elke mens My met oorgawe moet liefhê en daarom het hy `n teenstrategie ontwikkel. Om sy planne te laat slag, het hy ook `n leer van soldate, ja, mense wat vurig glo in iets wat heeltemal strydig is met die ware godsdiens.

Aangevuur deur hul leier, die Satan, sal hulle heftig weerstand bied teen enigiets wat My kinders nader aan My sal bring. Hierdie mense rus nie en sal aanhou met die stryd totdat die laaste groot konflik aanbreek.

Daarom, My liewe kinders, kan julle maar weet dat julle die Satan se vingerafdrukke sal kry op enigiets wat vir julle belangrik is. Ja, hy sal geen kans laat verbygaan om dit wat julle na aan die hart lê, te verdraai en te besoedel nie. En hy sal seker maak dat sy handlangers julle met al die wapens tot hulle beskikking beveg.

Ja, hy is oral en altyd daar om dit wat boos en sleg is, te bevorder. Julle moet julle egter nie blind staar teen dit wat julle op die oppervlakte sien gebeur nie, want die Satan se eintlike doel lê veel dieper; hy wil in besit kom van die siele en die harte van alle mense. Ja, hy wil julle liefde stuur en beheer, want hy weet dat dit vir My die hoogste prioriteit is.

Onsedelikheid en losbandigheid – selfs op die skaal waarop julle dit vandag sien – is egter nie vir die Satan genoeg nie. Nee, hy stel in meer as dit belang, hy wil die hele wêreld in sy opstand teen My julle Elohim verenig. Ja, hy wil hê dat alle mense tot vurige rebellie teen My wette en My regering (koningryk) sal kom.

Kyk, maar na die wêreld soos dit vandag daar uitsien. Is dit nie presies wat besig is om te gebeur nie?

Hoeveel bitterheid en opstandigheid is daar nie onder die leiers wat die gang van die geskiedenis beheer nie!

Dit, My liewe kinders, is omdat Satan en sy trawante oomblik na oomblik besig is om die vuur van opstand aan te blaas – ja, hulle einddoel is immers `n wêreldwye ‘’ontploffing’’ van opstand en geweld.

My liewe kinders, julle moet presies weet wat die Satan se strategie is. Hy begin deur die leiers en heersers te mislei. Dan bring hy hulle byeen op so `n manier dat hulle almal sy bose planne steun. Hy moedig hulle aan om My standaarde en die beperkinge wat deur My geskrewe Woord daargestel word, te verwerp, sodat hulle die muur tussen reg en verkeerd, goed en kwaad, sal afbreek.

Satan is besig met sy ‘’opleiding’’ sodat die leiers van die wêreld uiteindelik saamstaan teen My en My reg om My volk as erfdeel te maak, te verwerp.

**2. <u>Elohim se plan (Psalm 2:4-6)</u>**

‘’Hy wat in die hemel woon, lag; Jahweh spot hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in Sy toorn en in Sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik: Ek tog het My Koning gesalf oor Sion, My heilige berg van Apartheid (Psalm 2:4-6)

Ja, hulle het alles haarfyn beplan. Hulle glo vas dat al die geld en die mag op aarde aan hulle behoort. Kyk, hulle maak immers die wette en beheer al die stelsels van die aarde. Die wetenskap en tegnologie is blote instrumente in hulle hande. Daarom is hulle so seker dat hulle My planne sal verydel as hulle saamstaan.

Maar Ek, julle Elohim weet dat hulle sukses in My hande is, ja al die rykdom waaroor hulle beskik, het hulle gekry omdat Ek dit toegelaat het. Die nasies van die wêreld is soos `n druppel in `n emmer, `n stofdeeltjie in die groot heelal. En al sou al die nasies saamstaan, kan hulle nog steeds niks doen om My plan en wil te verander nie.

Luister wat Ek sê: ''Ek het nuus vir julle – Ek het alreeds My Koning op My berg van Apartheid aangestel. Ja, dit staan klaar in die ewige annale van die Godheid opgeskryf. My erfdeel staan vas en niks kan dit verander nie. Mense sal met `n heilige passie vir My Seun vervul word, mense (gelowiges) wat Hom met volkome toewyding en oorgawe sal dien. Ja, Ek, Jahweh van die leërskare sal dit laat gebeur''

Die finale stryd word voorberei. Aan die eenkant staan die heersers van die wêreld en aan die anderkant staan Ek julle Elohim. Elkeen het `n plan vir die toekoms van die Wêreld – en die mense (My volk) moet kies en stelling inneem.

**3. <u>Jahshua kom om Sy erfenis in besit te neem.</u>**

(Psalm 2:7-9)

My liewe kinders, hier sien julle duidelik dat My Woord nie net oor My planne en Voorsienigheid vir die mens handel nie, maar ook oor My planne vir My Seun. Ja, ek voorsien ook vir Hom. Hier hoor julle van `n tweevoudige erfenis; aan die een kant van die klem op die mens, en aan die ander kant op My julle Elohim self. Kyk, julle het `n erfenis waaroor julle bly moet wees, en wat vir julle vervulling sal bring. Maar Ek het ook `n erfenis wat My tot vreugde is. Julle mag nie die uitdra van hierdie boodskap afskeep nie. Julle moet weet dat julle julle hoogste vreugde in My moet vind, maar julle moet ook weet dat julle vir My vreugde moet bring.

Bertus:

Watter ewige rykdomme bied Elohim nie aan ons nie! Dink net watter verhewe posisie Hy ons gee deurdat Hy ons toelaat om tot in ewigheid tot sy eer en verheerliking te lewe. Ja, watter voorreg is dit om die passie en vreugde van Jahshua te wees! Geen mens weet wat volkome blydskap en vreugde is voor hy nie vir Jahshua onvoorwaardelik ''JA'' gesê het nie.

Elohim:

Julle moenie verbaas wees as die wêreld sy neus vir julle godsdiens optrek nie. Die wêreld sien immers `n verveelde, lou, verdeelde kerk wat gedurig besig is om kompromieë met die sonde aan te gaan. Natuurlik sal hy nie daardeur getrek word nie! Nee, julle moet iets uitstraal wat die sondaar so sal aangryp, dat hy dit tot elke prys sal wil hê. Julle moet deur julle woorde en dade sê en wys dat julle My met julle hele hart aanhang en dat My wil jul grootste vreugde is. Ja, dit is wat ongelowiges moet sien.

My liewe kinders, julle as gelowiges moet vir die wêreld wys wat dit beteken om jou kruis op te neem, jou rug op die wêreld te draai en jou alles vir My Jahshua te gee.

**4. <u>Die Psalmdigter se waarskuwing. (Psalm 2:10-12)</u>**

Soos julle kan sien rig Dawid `n drievoudige waarskuwing aan almal wat dwaas genoeg is om te dink dat hulle teen My, julle Elohim, in opstand kan kom.

Kyk, My grootsheid is onvergelyklik, oneindig en angswekkend. Maar vrees en bewing is nie al wat julle in My teenwoordigheid moet ervaar nie, want as dit die geval is, ken julle nog nie die volheid van My genade nie. Dawid sê dus dat julle voor My moet juig. Julle moet bly wees oor die erfenis wat julle uit My hand ontvang en My daarvoor loof.

Party kerke beklemtoon die feit dat julle met vrees en bewing in My teenwoordigheid moet kom in so `n mate, dat julle van die vreugde en liefde vergeet. Hulle verkondig net die grootsheid van My en vertel nie ook die gemeente van die vreugde en liefdevolle aanbidding wat daar in die gelowige se verhouding met My moet wees nie.

Ja, ander konsentreer weer net op die blydskap en die seën. Julle sien veral deesdae dat daar kerke is wat hulle in so `n mate op die gelowige se voorregte in My toespits, dat hulle heeltemal van My majesteit en oordeel vergeet. Dan, My liewe kinders, is daar weer ander vir wie intimiteit en liefdevolle oorgawe aan My alles is. Julle moet egter onthou dat Ek die mens so geskape het, dat al drie dimensies in julle verhouding met My jul Hemelse Vader belangrik is. Vra die Gees van Apartheid om julle harte nuut te maak, dat julle aan al drie aspekte van julle verhouding met My aandag sal gee.

Hoe lyk jou verhouding met My? Sien jy My dalk net as `n God wat die sondaar (opstandiges) straf. Nee, Ek wil hê dat julle harte moet oopmaak sodat julle deel kan hê aan My onmeetlike liefde. Ja, Ek julle Elohim wil hê dat al drie dimensies in jou verhouding met My moet voorkom en dat hulle tot `n hegte eenheid vervleg moet word. Daarom gee Ek julle My Gees om die bewing, die jubeling en die liefde in jul lewe moontlik te maak.

Dawid sluit die Psalm af met `n waarskuwing aan elkeen wat dwaas genoeg is om teen My in opstand te kom:

**''Bewapen jou met die Seun**, dat Hy nie toornig word en julle op die Weg vergaan nie; want gou kan Sy Toorn ontvlam. Geseënd is almal wat by Hom skuil'' (vers 12)

**Amen**

**<u>Die komende konflik</u>**

Bertus:

Voorbereidings vir die laaste konflik word op hierdie oomblik getref. Wie gaan die harte van die ganse mensdom beheer? Die Satan het baie Goliats met spiese en swaarde. Maar ons Elohim het

ook Sy Dawids en hulle is goed toegerus met hulle kennis van Elohim. Hulle sal soos Dawid nie terugdeins nie, want hulle (die Dawids) is nie bang vir die uitslag nie. Hulle Bevelvoerder is Jahweh van die leërskare – en Hy het nog nooit enige veldslag verloor nie.

Jahshua sal Sy erfdeel ontvang. Satan se spottende stem sal vir ewig stil gemaak word.

**Amen**

BOODSKAP 31 op 07 OKTOBER 2013 om 03H55

# LIG EN DUISTERNIS

Gelowiges gebruik die **geestelike lig om geestelike duisternis te verdryf**. Johannes gebruik ook die beeld as hy My, Jahshua beskryf: ''In Hom was lewe, en die lewe was die Lig van die adam'' (Joahnnes 1:4). Dan gaan hy voort: ''En **die Lig skyn in die Duisternis, en die Duisternis het Hom nie oorweldig nie**. (vers 5). Die lig van My openbaring en My Woord sal altyd die duisternis verdryf. Daarom, My liewe kinders, kan die **duisternis nooit sterker as die lig wees in die hart en lewe van die opregte gelowige nie.**

My liewe kinders, om op julle eie die duisternis te probeer verdryf, lei net tot frustrasie en mislukking. Maar die oomblik as Ek Jahshua in al **My stralende heerlikheid aan julle geopenbaar word**, verdwyn die duisternis. Ja, julle sukkel so dikwels om eers van die duisternis ontslae te raak en vergeet dat julle maar net die ''LIG'' in jul lewe hoef aan te skakel.

Kyk, die Satan skrik glad nie vir gelowiges wat geen verhouding met My het nie. Julle kan maar raas en skree net soos julle wil – hy weet dat hy veilig is solank daar nog donker kolle in julle harte is. Nee, dis vir **My Jahshua wat hy voor bang is.**

Daarom, My liewe kinders, is Satan bekommerd oor gelowiges wat My in alles eerste stel en hulle nie van stryk laat bring nie. Ja, **hy vlug voor die swaard van die Gees** as hy dit in die hande van sulke mense sien. En sy werk word in die wiele gery deur die gebede van gelowiges wat die duisternis met die lig verdryf.

Dit maak nie saak hoe swak, onvolmaak of onvolwasse julle is nie – as julle, **julle oë op My Jahshua gerig hou en op My wag, en as julle volhard in die gebed, dan sal My magtige hand ingryp.**

Kyk, `n **intieme verhouding met My is `n baie effektiewe wapen** teen die Satan en sy magte. Elkeen wat tot `n **intieme verhouding met My kom, sal Ek seën**.

1. **Jou gees sal deur My Woord gereinig word**
2. **Jou siel en emosies sal deur die borsplaat van liefde teen versoekings gepantser word.**

3. **Jy sal van binne deur `n Goddelike honger gemotiveer en aangevuur word, want jou gees sal met My brandende hart in aanraking kom.**

4. **Jy sal van alle onsekerheid bevry word en mense se opinies sal nie meer vir jou belangrik wees nie.**

5. **Die hart se wonde sal genees word.**

6. **Jy sal vir die geestelike stryd toegerus word.**

Julle moet vandag kies. Kies julle passie, of passiwiteit? Seën of onvrugbaarheid?

**Amen**

BOODSKAP 32 op 07 OKTOBER 2013 om 04H50

## AS JY ''OORBOORD'' GAAN

Pas op! As julle voluit vir My wil lewe, ook hier op aarde, sal julle dalk agterkom dat daar mense gaan wees wat dit moeilik vind om jul hernieude **toewyding of die verdieping** in jou verhouding met My te aanvaar. Daarom moet julle verwag om gekritiseer te word as julle met julle hele hart daarna gaan streef om My wil te doen. Julle verwag wel kritiek van die wêreld, maar dit is juis soms julle medegelowiges wat met die meeste beskuldigings gaan kom.

Ja, baie gelowiges praat selfs spottend van die ''supervromes'' wat nie hulle geld en besittings geniet nie, maar alles terugploeg in die werk van My (Jahweh).

Onthou net: **Ek julle Elohim verwag nie van julle om volgens aardse standaarde suksesvol te wees nie. Ek vra net van julle om getrou te wees.** Onthou julle nog dat julle vroeër gepraat het van jul oorkoepelende lewensideaal? **Sorg dat dit met My wil ooreenstem en hou dan daaraan vas**. En moet julle nie aan die wêreld – en selfs welmenende gelowiges – se kritiek steur nie. Want as julle gehoorsaam en getrou is, dan sal julle met **My liefdevolle glimlag beloon word**.

Kyk, die felste kritiek kom dikwels van mense wat van My (Jashua) hou, maar My nie regtig liefhet nie. Daarom gee hulle niks meer as die minimum nie en beskou hulle enigiets meer as `n vermorsing. My liefste kinders, moenie toelaat dat dit julle van stryk bring nie. Moet ook nie ontsteld raak nie, **maar hou net aan om My met julle hart lief te hê en julle alles vir My te gee**.

Natuurlik het Ek julle almal lief. Maar **Ek bêre vir elkeen wat sy allerbeste vir My gee, spesiale manna.** Julle het `n keuse wat dit aanbetref. Julle kan die **sonde kies en verlore gaan**. Of julle kan **My kies** en julle lewe op My ''mors''

Maak die keuse nou, dan sal julle harte ook vir My aan die brand gesteek word**. Reik uit na My**. Soek My nabyheid in jul lewens. **Verwerp die sonde**. **Roep My in die gebed aan en lees My Woord**

**totdat dit julle van binne vul en na buite uitvloei**. Gee julleself vir My. Dit neem tyd om tot `n intieme verhouding met My te kom, en daar is niks wat as plaasvervanger vir My teenwoordigheid in jul lewe kan dien nie. **Kom sit aan My voete; gee vir My die beste wat julle het, ongeag die koste.**

Ja, **My liggaam is vir julle gebreek en My bloed vir julle gestort**. Giet julle lewe as dankoffer vir My uit.

**Amen**

BOODSKAP 33 op 08 OKTOBER 2013 02H18

## LIEFDE KAN DIE WêRELD OORWIN

Dit klink asof die aarde gevul is met die wanklanke van beskuldigings en teenbeskuldigings: Nasie teen nasie, organisasie teen organisasie, persoon teen persoon. Ja, die oorlogsdromme dreun onophoudelik oor die wêreld heen en dit lyk of aggressiewe gesindhede eerder die reël as die uitsondering geword het.

Daar is nie veel wat die gewone mens kan doen om die wêreld oornag in orde te bring en `n beter plek te maak nie. Maar dit, My liewe kinders, is die plig van elke gelowige om iewers `n begin te maak – hoe gering ook al. Begin in die omgewing waar julle woon, werk en leef.

Kyk, as julle gewillig is om My Jahshua toe te laat om julle en julle talente in My diens te gebruik, kan jul **klein dade `n geweldige inpak** hê op die wêreld in die algemeen en op julle omgewing in die besonder. En indien alle gelowiges dieselfde sou doen, kan julle **deur My liefde hierdie wêreld oorwin.** Ja, vir My julle **Elohim is alle dinge immers moontlik.**

Maak julle lewe en harte op hierdie oomblik vir My en vir julle medemens oop **en verbind julle tot liefdevolle diens aan My en jou naaste.** Ja, My liewe kinders, dit mag net moontlik die begin wees van `n **geweldige oplewing van liefde** wat deur die hele wêreld sal trek en baie mense se lewens sal aanraak.

Lees 1 Petrus 3:8-22

**Amen**

BOODSKAP 34 op 08 OKTOBER 2013 om 04H00

## DAAR IS ‘N TOEVLUG

’’Jahweh is suiwer, `n laer in die dag van benoudheid, en Hy ken die wat by Hom skuil’’ (Nahum 1:7)

Dit lyk of **alles elke dag net al hoe meer verkeerd loop** in die wêreld van vandag. Elke nuwe dag bring nuwe verslae wat **ontstellende nuus** bevat. Ja, julle hoor gedurig van insidente van geweld, misdaad en grootskaalse korrupsie, wat veroorsaak dat julle begin wanhoop en twyfel. So baie van julle glo dat daar nooit weer stabiliteit en normaliteit sal wees op julle **verwarde planet** nie.
My liewe kinders, ten spyte van die neerslagtigheid en onsekerheid, somberheid en lyding wat julle omring, **gee Ek Elohim julle hierdie gewisse sekerheid om aan vas te klou**: Kyk, Ek verseker julle**, Ek is steeds in beheer van My skepping en Ek sal sorg dat die goeie uiteindelik oor die slegte sal seëvier**. Al mag dit moeilik wees vir julle om hierdie stelling te verstaan of om dit te glo terwyl julle die teenoorgestelde ervaar en in vrees vir die toekoms leef, sal dit julle loon om na die verlede te kyk. Bepeins dit wat verby is en die geskiedenis sal openbaar dat **selfs in die donkerste oomblikke My lig se liefde helder vir My volk geskyn het deur die duisternis.** Ja, Ek het telkens My volk deur die **donker tye gedra.**

Kyk, julle leef in `n tyd waarin die geestelike en morele waardes van die lewe wat eeue lank aanvaar is, aangeval en verlaag word. Ongelukkig kom die **negatiewe aanvalle** nie net vanuit `n ongelowige oord nie, maar soms juis van die magte wat stabiliteit en vertroue behoort te waarborg in hierdie ontnugterde wêreld. Ja, wanneer daar onsekerheid kom oor My julle Elohim en My Naam nie meer geëer word nie, moet die samelewing uiteindelik disintegreer. En dan, My liewe kinders, waarheen gaan julle dan met die **droefheid en beproewings wat julle in hierdie lewe so maklik oorrompel?**
In hierdie see van verwarring en onsekerheid moet julle seker maak dat **julle anker stewig gegrond is en ferm bly**, en dit kan alleenlik op die effektiefste manier bereik word deur `n persoonlike verhouding met My in jou lewe. Ek julle Elohim sien daar **is baie dinge oor My wat julle nie verstaan nie**. Maar as julle My liefhet en My respekteer, sal dit in **julle lewe ontplooi tot `n troosryke sekerheid.**
Deur julle liefde vir My sal julle toenemend daarvan bewus word dat julle nie alleen aan My vasklem nie, maar dat **Ek julle styf vashou in My onsterflike liefde – ook in julle oomblikke van diepste droefheid en beproewing.**
**Hou onlosmaaklik vas aan julle geloof in hierdie eindtye**. Vertrou onwrikbaar met julle hele lewe op My. Kyk, Ek is jul Verlosser, ook uit julle nood van vandag. **In My krag sal julle verseker wees van oorwinning oor die ergste nood wat nog kom.**
Wees lief vir My, julle Hemelse Vader.
**Amen**

BOODSKAP 35 op 08 OKTOBER 2013 om 05H00

## WIE STAAN BY JAHWEH?

My liewe kind en skryfkneg, jy het waarskynlik al ontdek hoe moeilik dit in jou tyd is om `n gelowige te wees en vir My op te staan. Ja, **geweld en bitterheid vier hoogty onder julle**.

Dit het tyd geword dat gelowiges oor die wêreld heen getoets sal word. Ja, meer as ooit tevore is dit nou vir die gelowige tyd om aan die invloede wat dreig om die samelewing te vernietig, te sê: **’’GENOEG!’’**
Nou is die tyd om op te staan en getel te word vir My.

Deur die krag van die Apartgestelde Gees moet julle die magte van die Bose uitdaag en `n lewe tot eer **en verheerliking vir My julle Hemelse Vader leef**.

**Amen**

BOODSKAP 36 op 10 OKTOBER 2013 om 02H10

## DIE TAAL VAN DIE SKRIF.

My liewe kinders, dit is noodsaaklik om die **taal van die Skrif te verstaan** as julle graag wil hê dat Ek My aan julle moet openbaar.

Kyk, die vyand doen alles in sy vermoë om julle begrip van My Woord te benewel, daarom saai hy dikwels twyfel deur die taal waarin julle **My Goddelike waarhede interpreteer en verstaan**. Dit beteken dat selfs julle taal – **en begripsvermoë deur My Gees nuut gemaak word** as julle My Woord reg wil interpreteer. Ja, julle moet weet dat die stryd tussen goddelike en bose magte ook om julle verstandelike en taalvermoëns gaan, want sonder begrip kan julle nooit tot volle kennis van My Goddelike waarheid kom nie.

Woede en negatiewe emosies gaan baie beslis `n invloed hê op julle interpretasie van die Skrif. Julle moet leer om met nederigheid na My Woord te gaan. **Opregte nederigheid berei ook julle harte voor vir My verlossing aan julle.** Ja, My liewe kinders, julle moet dieselfde gesindheid hê as `n klein kindjie wat gretig is om iets nuuts te leer en met My Woord wil omgaan, en dit mag nooit verander nie.

Julle moet **wees soos `n dienskneg wat graag wil doen wat sy meester hom beveel**. Julle **gehoorsaamheid** aan My Woord gaan bepaal in watter mate julle **suksesvol** gaan wees in julle verhouding met My, julle Hemelse Vader.

Daar moet ook doelgerigtheid wees as julle My Woord nader en bestudeer, want dit moet vir julle belangrik wees om te hoor, **te verstaan en gehoorsaam te wees aan wat Ek vir julle wil sê.**

Ja, julle moet verwag dat julle eie vleeslike begeertes en die invloede van die wêreld hard gaan probeer om julle te laat misluk in hierdie strewe, maar julle moet ook onthou dat Ek Jahweh belowe om julle siele te red, julle moet net in en **deur alles aan My Woord vashou**.

Julle moet **tyd maak om My Woord te bestudeer** en reg te verstaan. Ja, julle moet My Woord dag en nag oordink, dit ''inneem'' en ''eet'', sodat dit deel kan word van julle en **julle kan versterk vir die lewe** waartoe Ek julle Elohim julle geroep het.

**Amen**

BOODSKAP 37 op 10 OKTOBER 2013 om DONDERDAG 04H00

## DIE OPENBARINGSPROSES.

My liewe kinders, as julle die Gees van Apartheid toelaat om die voorhangsel van die vlees te verwyder en in julle harte te werk, word **goddelike openbaring `n heerlike realiteit** in julle lewens. Hoe meer julle **julle aan die Gees onderwerp**, hoe **meer openbaar Hy die Woord** in julle en hoe meer kan julle My, **Jahshua weerspieël**.

Dit, My liewe kinders, dit beteken dat Ek in en deur julle leef – in julle gedagtes, wil en emosies. Daardeur gee Ek julle ook die **oorwinning oor die sonde**, terwyl Ek julle met **My liefde oordek**.

Wanneer die Gees van Apartheid met sy krag in julle werk, gee Hy die Woord op so `n manier aan julle dat dit die **mag van die vyand vernietig** en My julle Elohim se lig in julle lewens skyn. Hoe nader julle aan My lig leef, hoe groter is die kontras tussen My lig en die duisternis van die wêreld.

My liewe kinders, julle weet teen die tyd dat goddelike openbaring nie van die Skrif losgemaak kan word nie. Dit is die **werk van My Gees om My Lewende Woord aan julle te openbaar,** sodat julle My waarheid in julle lewens kan toepas en daaraan **gehoorsaam** kan wees.

Julle moet die basiese waarhede met julle harte ontvang sodat die Gees van Apartheid dit deel van julle lewens kan maak. Daarom, My liewe kinders, is dit van die allergrootste belang om **My Woord elke dag te lees en te oordink.**

Ja, julle word vandag volgestop met inligting en kennis van die sondige wêreld. As kinders van My is dit nie net julle **plig om self met My Woord om te gaan** nie, maar julle moet ook julle **kinders** daaraan blootstel. Wanneer Ek My lig in julle laat skyn, dan word julle in staat gestel om My Woord en Waarhede te verstaan op `n manier wat julle nooit tevore verstaan het nie. En dan, My kinders, van daardie oomblik af raak dit **julle verantwoordelikheid om in gehoorsaamheid aan My te leef en te wandel**.

Kyk, My geskrewe **Woord kan gesien word as `n transkripsie van wat Ek in My eie stem vir julle sê,** en deur openbaring word die waarheid `n **Persoon wat in julle binneste lewe**. Hoe meer julle, julle aan My onderwerp, hoe meer openbaar Ek My aan julle. Daarom, My liewe kinders, om ongehoorsaam te wees aan goddelike openbaring is `n ernstige saak, want julle moet onthou dat die duisternis slegs deur My Goddelike Lig verdryf kan word.

Ja, julle ou self wat in duisternis geleef het, **word van binne verander**. Julle ontvang apartgestelde (heilige) begeertes, gedagtes en liefde – kortom julle ontvang My Jahshua se lig, en daardeur word julle in staat gestel om van heerlikheid tot heerlikheid te groei.

My liewe kinders, die openbaringsproses beteken dat Ek Jahshua in en deur julle gesien kan word in alles wat julle doen en is. **Omdat julle aan My gehoorsaam is, kan Ek Myself nou deur julle openbaar**.

Wees **gehoorsaam aan My** en My Woord en **wees lief vir My** en daar sal `n Goddelike openbaring en `n Lig in julle lewens verskyn.

**Amen**

BOODSKAP 38 op 10 OKTOBER 2013 om 05H15

## NIEMAND HET NOG OOIT SO SWAAR GEKRY SOOS EK NIE!

Bertus:

Ons kan ons ''lyding'' nie eers lyding noem nie, dit verdien nie eers om lyding genoem te word nie. Ek kry **trane in my oë as ek aan my swaarkry en beproewings dink en hulle vergelyk met dit wat ons Verlosser, Jahshua, gely het.**

Ja, die wêreld is vol klakouse. **Mense wat voel dat die lewe hulle ''onregverdig'' behandel het.** Moet tog nie vir so iemand vra hoe dit gaan, tensy jy bereid is om na die hele ou treurmare te luister nie, want die sal met kleur en geur vertel word.

Kyk, Paulus praat in 1 Kor 11:18 en 19 van tweespalt en ''klieke'' in die kerk. Dan sê hy `n interessante ding: Daar is soveel **verdeeldheid en dwarstrekkery** dat `n mens baie maklik kan sien watter gelowiges nog opreg en getrou is. Ja, Ek Jahshua, laat soms in My groot liefde en alwysheid **krisisse** toe. Julle weet almal hoe hierdie situasies ontstaan: `n Paar klakouse begin kerm oor die wat ''onregverdig'' is en het kort voor lank `n hele klomp aanhangers.

My liewe kinders, daardie mense besef nie dat Ek, julle Elohim die reg het om die **harte van My kinders te toets nie**. Ja, Ek gebruik soms ander mense, omstandighede buite julle beheer, onverwagse situasies, die waarhede in My Woord en die invloed van die Gees van Apartheid om te bepaal in watter mate julle die dinge wat Ek julle geleer het, toepas en uitleef.

Lees Matt 20:1-12. Wat dink julle van hulle klagte? **Was dit regverdi**g? Het hulle nie dalk `n goeie saak gehad nie? Kyk dan in vers 13-15 hoe die werkgewer hulle beantwoord het.

Ja, as julle vanuit `n menslike perspektief na die situasie kyk, lyk dit of julle nie goed behandel is nie, maar hierdie gelykenis handel oor die koninkryk van die Hemele. Daar geld geen ander maatstawwe as die van My genade en geregtigheid nie. **Mensgemaakte standaarde** soos ''regverdigheid'' en faktore soos ''moeilike omstandighede'' is begrippe wat **nie in die hemele gehoor word nie!**

Die grondliggende waarheid in hierdie gelykenis is dit: Ek, Elohim wat deur die landheer uitgebeeld word, kan doen net **wat Ek wil en Ek doen dit op My eie tyd en manier.** Ek kan genade betoon aan wie Ek wil, net wanneer Ek wil, selfs al is daar mense wat ander hierdie goddelike genade misgun. Dit, My liewe kinders staan My vry om `n spieël voor die hart van elkeen wat vir My werk, te hou, sodat julle die waarheid omtrent julle gesindhede daarin kan sien. En Ek het die volste reg om die klakouse met ''onregverdige'' omstandighede en situasies te **konfronteer** sodat hulle kan **ophou kla en geestelik kan grootword.**

Bertus:

Alle mense wat in Elohim se koninkryk is, is **gelyk**. Almal ontvang dieselfde loon, naamlik **GENADE.** Want ons moet onthou dat daar nie `n enkele siel in die koninkryk van die hemele sal wees wat verdien om daar te wees nie.

BOODSKAP 39 op 11 OKTOBER 2013 om 00H15

## ELOHIM VERANDER JOU STATUS

My liewe kinders, luister wat Ek vir julle sê: '' Ek het **julle status verander vanaf sondaar na kind van My,** julle Elohim'' (Lees Lukas 15:1-10)

Nou, My liewe kinders, vir die skokkende nuus: Ek plaas **slegs die name van sondaars** op die uitnodigingskaartjies van My Hemelse fees. En die dag as julle name op daardie gastelys is, is daar geen wegkomkans nie. Ek **versamel die heel beste Soekgeselskap in die heelal om jou te soek**, op te spoor en terug te dra, of self terug te sleep na die fees toe as dit moet. Niemand minder nie as Ek Jahshua en die **Gees van Apartheid het die taak ontvang om sondaars te soek, te vind en te red**. En Ons bly heelpad, enduit, op die spoor van sondaars. Daarom kan julle maar probeer hardloop, maar julle sal nooit kan wegkom nie. Ja, daar is **geen plek wat donker genoeg** is om vir My Gees te gaan wegkruip nie.

Wanneer julle as sondaars dan uiteindelik van aangesig tot aangesig voor My kom staan, moet daar `n ruiltransaksie plaasvind. Ja, Ek wil iets van julle hê. En **wat het julle om vir My aan te bied**?

Geld dalk? Nee, Ek is immers die Een aan wie die heelal behoort.

Julle besittings? Dis heeltemal te min.

Nee, al wat julle het om vir My te gee, is julle sondes, **julle ongelooflike stukkende lewe**. Dis al, net dit.

Julle staan bankrot, arm en kaal voor My.

**Ek vra heiligheid**. En julle bied slegs onheiligheid aan.

**Ek vra `n lewe van gehoorsaamheid**. Ja, julle enigste ''geskenk'' aan My is hande en voete wat bevlek is met sonde op sonde op sonde.

**Ek vra toewyding**. Julle het op elke liewe afdwaalpaadjie van die lewe rondgedwaal.

My liewe kinders, op hierdie kruispad waar Ek en jy ontmoet, staan julle met niks anders nie as julle sondes. Maar dit is presies wat Ek van julle wil hê. Ja, Ek vra net een sinsnede uit julle monde. Ek vra dieselfde woorde as daardie tollenaar wat met sy stukkende lewe voor My te staan gekom het: ''En die

tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die Hemele ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: ‘’O, Elohim wees my barmhartig want **ek is `n oortreder**! (Lukas 18:13)

Die oomblik wanneer julle julle stukkende lewe op My stoep neersit; wanneer julle met julle ongehoorsaamheid en opstandigheid in My Heilige teenwoordigheid staan, dan My liewe kinders, beweeg hemel en aarde. Ja, daar en dan vind die **grootste wonderwerk** in julle lewens plaas:

- **Julle sondaarsklere word in `n oogwink uitgetrek en vervang met hemelse feesklere.**
- **Dood word ingeruil vir lewe**
- **Julle ontvang julle nuwe klere uit die Hand van My julle Koning, klere wat spierwit gewas is in die bloed van My die Lam van Elohim.**
- **Ek tel julle op My breë skouers en dra julle terug na die res van My kudde toe terwyl engele in die hemel uitbars in feesgesange oor een sondaar wat tuisgekom het.**

**Amen**